15. (1) Ieder persoon wat enige straat besoek, gebruik of daarin is vir die doel dat enig geld of saak van waarde deur sulke persoon ontvang of aan hom beloof word of ten behoeve van hom:—

(a) as of vir vergoeding vir enige versekering, verpligting, belofte of ooreenkoms, uitdruklik of stilswygend, om daarna enig geld of saak van waarde te betaal of te gee op enige gebeurtenis of toevallige gebeurlikheid van of met betrekking tot enige wedren, voetwedstryd, rywielwedstryd, motorrywielwedstryd, motorwedstryd, vuisgeveg, spel, sport of liggaamsoefening of op enige gebeurtenis of toevallige gebeurlikheid watter ook:—

(b) as of vir vergoeding te waarborg deur enig ander persoon enig geld of saak van waarde te betaal of te gee op enige sulke gebeurtenis of toevallige gebeurlikheid as voorsê;

Ord. No. 9
van 1927.

(b) die betaling of gift te waarborg deur enig ander persoon van enig geld of saak van waarde op enig ander persoon van enig geld of saak van waarde op enige sulke gebeurtenis of toevallige gebeurlikheid.

13. (1) Wie ook enig huis, kantoor, kamer of andere plek oop, hou of gebruik vir enige van die doeleindes genoem in artikel *twaalf*, of voorbedagtelik en opsetlik vergun dat dit geoop, gehou of gebruik word deur enig ander persoon vir enige van sulke doeleindes, of die beheer of bestuur van, of op enigerlei wyse behulpsaam is in die uitoefening van die besigheid van enig sulk huis, kantoor, kamer of plek geoop, gehou, of gebruik vir enige van sulke doeleindes sal by veroordeling blootstaan aan—

Eienaar wat
plek open of
aanhou—
strawwe.

(a) in die geval van 'n eerste veroordeling betaling van 'n boete van minstens £50 en hoogstens £100 of by wanbetaling aan gevangenisstraf met harde arbeid vir 'n tydperk van minstens drie maande, of aan albei sulke boete en gevangenisstraf;

(b) in die geval van 'n tweede of enige latere veroordeling betaling van 'n boete van minstens £100 of by wanbetaling aan gevangenisstraf met harde arbeid vir 'n tydperk van ses maande of aan albei sulke boete en gevangenisstraf.

(2) Ieder persoon in sulk huis, kantoor, kamer of plek aangetref sonder wettige verontskuldiging waarvan sulk persoon bewys moet lewer, sal by veroordeling blootstaan aan 'n boete van minstens £10, of twee maande gevangenisstraf met harde arbeid, en van hoogstens £50 of ses maande gevangenisstraf met harde arbeid.

(3) Alle gelde, muntstukke, banknote, tjeks, skuldbewyse of andere geskifte as waarborg vir die betaling van geld, en alle boeke, lyste, kaarte of andere dokumente, wat betrekking het op wedrenne of weddenskappe in sulk huis, kamer, kantoor of plek gevind, sal by veroordeling van enig oortreder kragtens die bepalinge van hierdie artikel aan die Administrateur verbeurd verklaar word.

14. Wie ook, wat die eienaar of bewoner is van enig huis, kantoor, kamer of plek geoop, gehou of gebruik vir enige van die doeleindes genoem in artikel *twaalf*, of enig persoon wat vir hom optree, of namens hom, of as sy bestuurder of assistent—

Eienaar wat
plek gebruik
vir wed,
ens.—straw-
we.

(a) direk of indirek enig geld of saak van waarde ontvang—

(1) as 'n deposito op enige weddenskap op voorwaarde enige som geld of saak van waarde te betaal op die uitslag van enige gebeurtenis

Ord. No. 9
van 1927.

sal geag word geweet te het dat sulk persoon 'n kind was tensy hy bewys dat hy redelike gronde had vir die veronderstelling dat sulk persoon meerderjarig was.

(2) Enig persoon wat skuldig is aan 'n oortreding op hierdie artikel sal blootstaan aan—

(a) in die geval van 'n eerste veroordeling betaling van 'n boete van minstens £25 en van hoogstens £50, of by wanbetaling aan drie maande gevangenisstraf met harde arbeid, of aan albei sulke boete en gevangenisstraf ;

(b) in die geval van 'n tweede veroordeling aan 'n boete van minstens £25 en hoogstens £100 of by wanbetaling aan ses maande gevangenisstraf met harde arbeid of aan albei sulke boete en gevangenisstraf ;

(c) in die geval van 'n derde of verdere veroordeling betaling van 'n boete van minstens £100 en gevangenisstraf met harde arbeid vir 'n tydperk van ses maande.

Beperking ten opsigte van plek.

12. (1) Geen huis, kamer of andere plek sal geoop, gehou of gebruik word vir die doel dat die eienaar, bewoner, of bewaarder daarvan, of enig persoon wat dit gebruik, of enig persoon verkry of in diens van of optredende vir of namens sulk eienaar, bewoner of bewaarder, of persoon wat dit gebruik, of enig persoon wat die beheer of bestuur het oor of op enige wyse die besigheid daarvan dryf, weddenskappe aangaan met persone wat daar gebruik van maak.

In hierdie subseksie sluit “daar gebruik van maak” in direk of deur bemiddeling van 'n ander persoon per brief, telegram of enige andere manier van korrespondensie, of deur middel van die telefoon, applikasie te maak.

(2) Geen huis, kantoor, kamer of andere plek sal geoop, gehou of te eniger tyd gebruik word vir die doel dat enig geld of saak van waarde ontvang word deur of ten behoeve van die eienaar, bewoner of bewaarder, of enig ander persoon watter ook as of vir vergoeding vir—

(a) enige versekering, verpligting, belofte of ooreenkoms, uitdruklik of stilswygend, enig geld of saak van waarde daarna te betaal of te gee op enige gebeurtenis of toevallige gebeurlikheid van of wat betrekking het op enige wedren, voetwedstryd, rywielwedstryd, motorrywielwedstryd, motorkarwedstryd, vuisgeveg, spel, sport of liggaamsoefening of enige andere gebeurtenis of toevallige gebeurlikheid watter ook ; of

9. Die Administrateur kan enig persoon wat wettig 'n wedrenbyeenkoms hou magtig lokaliteite oop te hou goedgekeur deur die Kommissaris van Polisie vir vyf ure op elk van die eersvolgende twee weekdae (publieke feesdae nie gereken nie) na die wedrenbyeenkoms en dit sal wettig geoorloof wees in die lokaliteite op die dae en gedurende sulke ure weddensappe te vereffen.

Lokaliteite vir vereffening van weddensappe.

Ord. No. 9 van 1927.

10. (1) Enig polisieamptenaar van of bo die rang van sersjant of enig persoon behoorlik daartoe gemagtig deur die Administrateur kan enige renbaan opgaan of enige lokaliteit genoem in die laasvoorgaande artikel ingaan en indien hy redelike gronde het vir die vermoede dat 'n oortreding op hierdie Ordonnansie begaan word of begaan was dan kan hy enige lokaliteit watter ook ingaan.

Polisie mag renbaan of lokaliteit opgaan.

(2) Enig persoon wat enig sulk amptenaar in die uitoefening van sy bevoegdheede kragtens hierdie Ordonnansie sal weerstaan, verhinder of belemmer sal skuldig wees aan 'n oortreding.

HOOFSTUK III.

BEPERKING OP WED.

11. (1) Enig persoon sal skuldig wees aan 'n oortreding op hierdie Ordonnansie wat—

Beperking op wed—
strawwe.

(a) wed op die uitslag van enige wedren tensy die weddenskap aangegaan word op 'n renbaan op 'n wedrendag hetsy op plekke op die renbaan goedgekeur deur die Kommissaris van Polisie of deur middel van 'n totalisator waarvoor 'n lisensie uitgereik is kragtens artikel *ag*, subseksie (1) en in een of ander geval op 'n wedren wat werklik op die renbaan plaas het op die dag waarop die weddenskap is aangegaan, of in of van die lokaliteit geoop kragtens die bepalinge van artikel *twintig* van hierdie Ordonnansie of op 'n hondereisiesbyeenkoms gehou kragtens lisensie uitgereik kragtens die bepalinge van artikel *drie* van die Hondereisies (Kontrole) Ordonnansie, 1926

(b) te eniger tyd of plek wed op die uitslag van "voetwedstryd," "rywielwedstryd," "motorrywielwedstryd" of enige skiet-, voetren- of vuisgevegwedstryd of prysgeveg;

(c) bo die leeftyd van een-en-twintig jare synde te eniger tyd of plek wed met enig persoon onder die leeftyd. Die persoon wat wed met sulk persoon onder die leeftyd van een-en-twintig

Ord. No. 9 Belasting ver-
van 1927. skuldig ten
— opsigte van
Art. 8. totalisator-
ontvangste.

(3) Daar sal aan die Kommissaris van Binnelandse Inkomste betaalbaar wees ten behoeve van die Prowinsiale Inkomstefonds deur die lisensiehouer—

(a) 'n belasting bereken teen vier en 'n halwe persent van die bruto ontvangste van elke totalisator waarvoor 'n lisensie uitgereik is; en

(b) 'n belasting bereken teen twee persent van die netto ontvangste van elke sulke totalisator wat nadat 'n dividend daarvan verklaard is, onverdeeld is hetsy omdat geen gedeelte van 'n sieling as dividend verklaar is nie, of omdat geen kaartjies wat die houters op 'n dividend reg gee van die hand gesit was nie; en

(c) 'n belasting bereken teen twee persent van alle sulke dividende as onbetaal is drie maande nadat hulle verklaar was.

Vir die doeleinde van hierdie subseksie sal 'netto ontvangste' beteken die bruto ontvangste, minus die bedrag afgetrek as totalisator-kommissie en belasting verskuldig kragtens paragraaf (a) dog sulke kommissie en belasting sal bymekaar hoogstens twaalf en 'n halwe persent wees van die bruto ontvangste van enige enkele totalisator.

(4) 'n Beëdigde verklaring in 'n vorm deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste voorgeskrewe te word aangewende al sulke besonderhede as genoem is in subseksie (3) sal deur die lisensiehouer afgelê word. Die voorsegde verklaring sal deur die lisensiehouer binne een-en-twintig dae na iedere wedrendag waarop 'n totalisator gebruik was aan die Kommissaris ingedien word.

(5) Die lisensiehouer sal gereeld in 'n boek vir die doel aangehou al sulke voorsegde besonderhede opteken of laat opteken en toestaan dat sulk boek op alle redelike tyde geïnspekteer word deur enig persoon behoorlik skriftelik daartoe gemagtig deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste en enig lisensiehouer wat weier sulke inspeksie toe te staan sal skuldig wees aan 'n oortreding.

(6) Indien 'n lisensiehouer versuim sulke verklaring as voorsê in te dien binne die voorgeskrewe tyd dan sal hy blootstaan aan betaling van driemaal die bedrag verskuldig kragtens hierdie artikel.

6. Wanneer Kersdag op 'n Saterdag val of wanneer 'n wedrenbyeenkoms bepaal is vir enige bepaalde wedrendag en die weer of enige onvoorsiene omstandighede verhinder of maak hou of voortsetting van die byeenkoms op die dag ongewens dan kan die Kommissaris van Polisie na sy absolute diskresie aan die persoon wat die wedrenbyeenkoms organiseer het skriftelike vergunning verleen die wedrenbyeenkoms of voortsetting van die byeenkoms op 'n renbaan te hou op 'n andere dag andere as op Goeie Vrydag of Hemelvaartsdag en sulke vergunning sal 'n verdediging wees teen enige beskuldiging ingebring kragtens artikel *vyf*.

Uitstel of voortsetting van wedrenbyeenkoms in sekere omstandighede.

**Ord. No. 9
van 1927.**

7. (1) Nieteenstaande enigiets daarmee in stryd in hierdie Ordonnansie kan die Administrateur aan enig persoon 'n lisensie uitreik vir hou van 'n wedrenbyeenkoms op enige dag behalwe Kersdag, Goeie Vrydag of Hemelvaartsdag op 'n goedgekeurde plek buite 'n radius van vyf-en-twintig myle van Johannesburg en buite die Munisipaliteit Pretoria en uitreiking van sulke lisensie sal 'n verdediging wees teen enige beskuldiging ingebring kragtens artikel *vyf*.

Lisensie mag vir een dag uitgereik word.

(2) Die Administrateur kan eweneens aan enig persoon in die besit van 'n lisensie spesiale vergunning verleen vir hou van 'n wedrenbyeenkoms op enige dag behalwe Kersdag, Goeie Vrydag of Hemelvaartsdag mits dat die aantal byeenkomste deur sulk persoon gehou gedurende die geldigheidsduur van die lisensie hoogstens vyftien sal wees.

Spesiale vergunning vir hou van wedrenbyeenkoms.

HOOFSTUK II.

LISENSIEER VAN TOTALISATORS.

8. (1) Die Administrateur kan op skriftelike applikasie aan die houer van enige lisensie vir hou van wedrenbyeenkomste 'n lisensie uitreik vir die gebruik van 'n totalisator of totalisators op 'n wedrendag op 'n plek op 'n renbaan goedgekeur deur die Kommissaris van Polisie. Sulke lisensie kan deur die Administrateur ingetrek word indien versuim word te voldoen aan enige bepaling van hierdie artikel of indien die totalisator gebruik word op 'n plek nie deur die Kommissaris van Polisie goedgekeur as voorsê nie.

Lisensieer van totalisators.

(2) Enige transaksie aangegaan deur middel van die totalisator moet geregistreer word op 'n kaartbord wat in sulke vorm sal wees as is goedgekeur deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste en wat in die onafgebroke gesig van die publiek sal wees.

**Ord. No. 9
van 1927.**

'n jaarlikse kontribusie betaal het waarvan die bedrag deur die klub of vereniging sal vasgestel en deur die Administrateur goedgekeur wees of 'n persoon is vir wie se toegang tot 'n renbaan sonder sulke betaling deur die Administrateur aan sulke klub of vereniging magtiging was verleen ;

(b) niemand onder die leeftyd van een-en-twintig jare, andere as jökkies sal tot die renbaan toegelaat word nie op enige dag waarop 'n wedrenbyeenkoms gehou word ;

(c) die lisensiehouer sal geen wedrenbyeenkomste hou nie andere as op die renbaan in die lisensie genoem ;

mits dat die bepalings van paragrafe (a) en (b) van hierdie artikel nie toepaslik sal wees op renbane geleë buite 'n radius van vyf-en-twintig myle van die Generaal Poskantoor, Johannesburg, en buite die Munisipaliteit Pretoria nie.

Aantal wedrenbyeenkomste.

4. Enig persoon aan wie 'n lisensie vir hou van wedrenbyeenkomste uitgereik is sal skuldig wees aan 'n oortreding indien hy meer as vyftien wedrenbyeenkomste hou of vergun gehou te word gedurende die geldigheidsduur van sy lisensie of enige vernuwing daarvan of indien hy inbreuk maak of vergun dat inbreuk gemaak word op enige voorwaarde aan 'n lisensie verbind of indien hy nalaat sulke voorsorgsmaatreëls te neem as wat mag nodig wees om te verseker dat aan sulke voorwaardes voldaan word.

Verbod op wedrenne en bekend stel van wedrenkaart behalwe op renbaan.

5. Enig persoon sal skuldig wees aan 'n oortreding wat—

(a) deelneem aan of enig ander persoon behulpsaam is in of aansit tot deelneming aan enige wedrenbyeenkoms behalwe op 'n gelisensieerde renbaan en op 'n rendag ;

(b) 'n wedrenkaart verkoop of te koop aanbied of sirkuleer behalwe op 'n renbaan en op 'n rendag of 'n wedrenkaart verkoop of te koop aanbied wat aangee dat wedrenne sal gehou word andere as op die wedrenbyeenkoms dan en daar gehou te word.

Vir die doeleinde van hierdie artikel sal hou van enige wedrenbyeenkoms geag word behulpsaam te wees in en aansit tot deelneming aan 'n wedren hetsy dat al of nie enige wedren plaas het en ieder persoon wat op enige wyse die wedrenbyeenkoms organiseer of reël sal geag word die byeenkoms te hou.

enige grond in die Provinsie wat in wettige okkupasie is van die persoon, sulke lisensie sal vir sulke grond wees wat gedurende die geldigheidstydperk van sulke lisensie sal geag word 'n gelisensieerde renbaan te wees.

(2) Iedere sulke lisensie sal vir een jaar geldig wees vanaf die datum van uitreiking daarvan tensy kragtens hierdie artikel teruggetrek.

(3) 'n Lisensie sal nie verleen word nie totdat reglemente en regulasies waaronder die in terme van sulke lisensie te houe wedrenbyeenkomste sal gehou word deur die Administrateur goedgekeur is mits dat enige sulke reglemente en regulasies goedgekeur kragtens enige wet deur hierdie Ordonnansie herroep beskou sal word as goedgekeur te wees kragtens die bepalings van hierdie artikel.

(4) Enige lisensie mag deur die Administrateur teruggetrek word indien die houer veroordeel is weens enige oortreding op hierdie Ordonnansie.

(5) Iedere lisensie sal in die geval van 'n vereniging uitgereik word op naam van die sekretaris of ander dergelik amptenaar en kan op versoek van die vereniging oorgedra word op die opvolger van die lisensiehouer.

(6) Iedere lisensie sal vertoon word op aanvraag van enig polisieamptenaar bo die rang van sersjant en enig persoon wat versuim sulke lisensie te toon sal skuldig wees aan 'n oortreding.

(7) Die lisensiehouer sal geregtig wees van enige renbaan enig persoon uit te sluit ooreenkomstig die reglemente en regulasies goedgekeur kragtens hierdie artikel en enig persoon wat 'n renbaan weer opgaan in stryd met die bevoegdhede hierin toegeken aan die lisensiehouer sal skuldig wees aan 'n oortreding.

(8) Enige lisensie vir hou van wedrenbyeenkomste wat op datum van die aanvang van hierdie Ordonnansie van krag is sal van volle krag en toepassing wees as of hy was uitgereik kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie.

3. Die volgende voorwaardes sal verbind wees aan enige lisensie vir hou van wedrenbyeenkomste:— Lisensievoorwaardes.

(a) Niemand sal op 'n renbaan toegelaat word nie op enige dag waarop 'n wedrenbyeenkoms gehou word sonder betaling van 'n mienimum toegangsfoo van vyf sielings tensy sulk persoon in die besit sal wees van 'n sertifikaat uitgereik deur of op gesag van die lisensiehouer verklarende dat sulk persoon 'n bona fide eienaar of afrigter is of bona fide werksaam in verband met die byeenkoms of 'n lid is van die klub of vereniging wat die byeenkoms hou en aan die lisensiehouer

Ord. No. 9
van 1927.

“renbaan” beteken enige grond gelisensieer kragtens hierdie Ordonnansie vir hou van wedrenne;

“wedrendag” beteken in die gebied omvat in ’n radius van agtien myle van die Generaal Poskantoor, Johannesburg, enige Saterdag of enige publieke feesdag vanaf tien-uur in die voormiddag tot ses-uur in die namiddag en enige andere dag waarop ’n wedrenbyeenkoms wettig kan gehou word tensy sulke dae Kersdag, Goeie Vrydag of Hemelvaartsdag is. In enig deel van die Provinsie buite die gebied sal “wedrendag” dieselfde betekenis het dog met uitsondering soas hierbo vermeld sal Woensdag ook ’n wedrendag wees;

“Wedrenbyeenkoms” beteken enige byeenkoms van die publiek of van die lede van enige vereniging van persone om ’n wedren of wedrenne by te woon indien die datum en plek vir hou daarvan deur publieke advertensie of private uitnodiging is bekend gemaak;

“straat” sluit in (1) enige ingeslote of nie-ingeslote grond (wat geen huis of renbaan of gelisensieerde honde-reisiesbaan is nie) (2) enige hoof- of grootpad, weg, laan, voetpad of deurgang hetsy ’n hoofweg of nie, op enige publieke of private grond;

“totalisator” beteken die instrument, masjien of toestel gewoonlik bekend onder die naam van ’n “totalisator” of enig ander instrument, masjien of toestel van ’n dergelike aard, of enig stelsel waardeur enig aantal persone in staatgestel word weddenskappe met elkaar aan te gaan op beginsels van ’n dergelike aard;

Wanneer in hierdie Ordonnansie die uitdrukking “voetwedren,” “motorrywiel-,” “rywiel-” of “motorkarwedren” of “skiet-, voetren- of vuisgevegwedstryd” gebruik word sal die uitdrukkings alleen wedrenne en wedstryde insluit—

(a) waarvan die plek ’n plek is waartoe die publiek of die lede van enige klub of vereniging toegang het, of wat deur die publiek of sulke lede besoek word, of waartoe die publiek of sulke lede by uitnodiging kom;

(b) waarvan die datum vantevore vasgestel is.

HOOFSTUK I.

LISENSEEER VAN RENBANE.

Lisensieer van
renbane.

2. (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd op skriftelike applikasie aan hom ’n lisensie toeken aan enig persoon om wedrenbyeenkomste te hou op

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 9
van 1927.

Om Voorsiening te maak vir die Kontrole op Perdewedrenne en Weddensappe.

(Goedgekeur 28 Junie 1927.)

(Datum van inwerkingtree, 1 September 1927.*)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal
as volg:—

1. In hierdie Ordonnansie sal, tensy in stryd met Definiesies.
die samehang:—

“Administrateur” beteken die amptenaar benoem
kragtens artikel *agt-en-sestig* van die Suid-
afrika Wet 1909 en enige amendement daarop
wat handel op gesag van die Uitvoerende
Komitee;

“weddenskap” beteken enig geld of saak van
waarde deur of namens enig persoon te wed
of in te sit of uitdruklik of stilswygend belowe,
ondernem of ooreengekom betaal of gegee te
word aan enig persoon as vergoeding vir enige
versekering, verpligting, belofte of ooreenkoms,
uitdruklik of stilswygend, om daarna enig
geld of saak van waarde te betaal of te gee op
enige gebeurtenis of toevallige gebeurlikheid
van of wat betrekking het op enige wedren,
voetwedstryd, rywielwedstryd, motorrywiel-
wedstryd, motorkar-wedstryd, vuisgeveg, spel,
sport of liggaamsoefening of enige andere
gebeurtenis of toevallige gebeurlikheid watter
ook of as of vir vergoeding vir die betaling te
waarborg van enig geld of saak van waarde op
enige sulke voorsegde gebeurtenis of toe-
vallige gebeurlikheid watter ook;

“bookmaker” insluit enig persoon wat die beroep
uitoefen van of optree as 'n bookmaker of
renbaan kommissie-agent, of wat sy bestaan
geheel of gedeeltelik deur wed of weddensappe
aan te gaan maak of trag te maak;

“wedren” beteken enige perde, ponie of galloway
wedren;

“wedrenkaart” beteken die offisiële program
uitgegee vir verkoop en vir die gebruik van
die publiek op 'n wedrendag deur iemand
gelisensieer wedrenbyeenkomste te hou;

* Proklamasie No. 53, *Prowinsiale Koerant* gedateer 17 Augustus 1927,
bladsy 173.

**Ord. No. 8
van 1927.**

Wysiging van
artikel 4 van
hoofordon-
nansie.

2. Die skedule in subseksie (a) van artikel vier van die hoof ordonnansie sal wees en word hierby gewysig :—

(1) Onder die hoof “Restourants” deur die woord “Woensdae” te skrap en te vervang deur die woord “Saterdag.”

(2) Onder die hoof “Melkerye” deur die woord “Woensdae” te skrap en te vervang deur die woord “Saterdag.”

(3) Onder die hoof “Naturelle en Asiate eethuse, ens.” deur die woord “Woensdae” te skrap en te vervang deur die woord “Saterdag.”

(4) Onder die hoof “Naturellewinkels” deur die woorde “Donderdae Vrydae,” te skrap en te vervang deur die woorde “Woensdae Donderdae,” en skraping van die woord “Saterdag” en te vervang deur die woord “Vrydae.”

(5) Onder die hoof “Aptekers” die woorde “Donderdae Vrydae” te skrap en te vervang deur die woorde “Woensdae Donderdae,” en die woord “Woensdae” te skrap en te vervang deur die woord “Saterdag.”

Wysiging van
artikel 7 van
hoofordon-
nansie.

3. Artikel *sewe* van die hoofordonnansie sal wees en word hierby gewysig :—

(1) In paragraaf (b) van subseksie (1) deur die woord “Saterdag” te skrap en te vervang deur die woord “Vrydae.”

(2) In paragraaf (b) van subseksie (2) deur die woorde “Donderdae en Vrydae” te skrap en te vervang deur die woorde “Woensdae en Donderdae.”

(3) In paragraaf (c) van subseksie (2) die woord “Woensdae” te skrap en te vervang deur die woorde “Woensdae en Donderdae.”

(4) In paragraaf (d) van subseksie (2) die woord “Saterdag” te skrap en te vervang deur die woord “Vrydae.”

Korte tiiel.

4. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Winkelure Wysigings Ordonnansie, 1927.

soort- gelijk motorvoertuig gelicenticeerd als 'n publiek voertuig gebruik word vir het doel van passagiersvervoer behalve op 'n weg goedgekeur deur de Kommissaris van Politie of ander door hem gemagtigd ambtenaar, en geen zulk voertuig zal stilhouden voor het doel passasiers op te nemen of uit te laten behalve op zulke plaatsen als deur de Kommissaris of ander door hem gemagtigde ambtenaar mogen voorgeschreven word. De bepalingen van dit artikel zullen toepaslik zijn op zodanige plaatselik autoriteit gebieden als de Administrateur per proklamatie mag verklaren.

Ord. No. 7
van 1927.

10. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doel- Korte Tietel.
eindes aangehaal word as die Motorvoertuig
Wysigings Ordonnansie, 1927.

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 8
van 1927.

Tot wysiging van die Winkelure Ordonnansie, 1923.

(Goedgekeur 29 Junie 1927.)

(Datum van inwerkingtree, 2 Augustus 1927.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg :—

1. Subseksie (1) van artikel drie van die Winkelure Ordonnansie No. 5 van 1923 (hierna die hoofordonnansie genoem) sal wees en word hierby gewysig :—

Wysiging van artikel 3 van hoofordonnansie.

(1) In paragraaf (c) deur skraping van die woorde "Donderdag en Vrydag" en daarvoor die woorde "Woensdag en Donderdag" in die plaas te stel.

(2) Deur skraping van paragraaf (d) en in die plaasstelling daarvoor van die volgende nuwe paragraaf :—

(d) later as een uur in die namiddag van Saterdag, of sewe uur in die aand van Vrydag; met uitsondering van slagerswinkels, wat om ses uur in die aand van dié dag sal gesluit wees.

(3) In subseksie (2) deur skraping van die syfer "7" en daarvoor die syfer "6" in die plaas te stel.

Ord. No. 7
van 1927.

(b) 'n motorvoertuig voor gebruik gereed maakt ;

(c) zich op enigerlei wijze bemoeit met de machinerie, benodigdheden of delen van enig motorvoertuig ;

zal schuldig zijn aan 'n overtreding en bij veroordeling blootstaan aan de straffen voorgeschreven in artikel *zeventien* van deze Ordonantie.

(2) Enig persoon welke zonder kennis of toestemming van de eigenaar of persoon wettig belast met enig motorvoertuig daarin rijdt of hetzelfde drijft zal schuldig zijn aan 'n overtreding en zal bij veroordeling blootstaan aan de volgende straffen :—

(a) Voor 'n eerste overtreding aan 'n boete van vijf en twintig ponden.

(b) Voor 'n tweede of verdere overtreding aan 'n boete van een honderd ponden.

Bij wanbetaling van enige boete opgelegd krachtens deze subsektie mag de schuldige buiten en behalve aan enige andere termijn van gevangenisstraf, welke wettig mag opgelegd worden, veroordeeld worden, ten opzichte van (a) tot 'n tijdperk van hoogstens drie maanden gevangenisstraf met harde arbeid ; ten opzichte van (b) tot 'n tijdperk van hoogstens zes maanden gevangenisstraf met harde arbeid.

Wysiging van artikel 19 van hoofordonnansie.

8. Artikel *negentien* van die hoofordonnansie sal wees en word hierby gewysig deur toevoeging van die volgende nuwe paragrafe (h) en (i), paragraaf (h) soos oorspronkelyk bepaal beskou te word as paragraaf (j):—

(h) het gebruik te verbieden van enige lamp of verlichtingstoestel tenzij zodanige lamp of toestel door de Administrateur goedgekeurd is en van zodanige goedkeuring in de *Provinciale Koerant* is kennis gegee.

(i) voor het instellen van 'n komitee of komitees voor het doel de Administrateur van advies te diene over enige zaken in verband staande met het gebruik van motorvoertuigen en zaken daarop betrekking hebbende en voor de leiding van de werkzaamheden van zodanig komitee of komitees.

Wegen te worden goedgekeur door politie.

9. Niettegenstaande enigiets daarmee in strijd in enige wet betrekking hebbende op municipaal bestuur of enige bijwet daaronder opgemaakt zal geen motorbus, motor char-à-bancs, of ander

5. Artikel *ses* van die hoofordonnansie sal wees en word hierby gewysig as volg :—

(a) Deur skrapping in subartikel (1) van die woorde “deze Ordonantie of tegen enige bepalingen ervan of aan een overtreding onder enige andere wet ten aanzien van omstandigheden betrekking hebbende op de bestuurder van een motorvoertuig.”

en deur daarvoor die volgende woorde in die plaas te stel :—

“subsektie (3) van artikel *vier* en artikels *acht, negen, tien, elf, twaalf, veertien, vijftien* en *zestien* van deze Ordonantie, of wegens 'n overtreding onder enige andere wet ten aanzien van achteloos of zorgeloos drijven van 'n motorvoertuig.”

(b) Deur toevoeging van die volgende nuwe subartikel :—

(4) Enig Hof mag enige drijverslicentie intrekken op bewijs dat de houder van die licentie behept is met enig lichamelik gebrek hetwelk gronden zou uitmaken krachtens paragraaf (*e*) van subsektie (2) van artikel *vier* van deze Ordonantie voor weigerings van 'n certifikaat van bevoegheid door 'n eksaminerend lichaam.

6. Artikel *veertien* van die hoofordonnansie sal wees en word hierby gewysig deur toevoeging van die volgende subartikel ; die artikel soos oorspronklik bepaal beskou te word as subartikel (1) :—

(2) De eienaar van enig motorvoertuig welke moedwillig weigert op verlangen van 'n polietiebeampte of municipaal ambtenaar in uniform hem te voorsien van de naam en adres van enige persoon welke zijn motorvoertuig op enige bepaalde datum en tijd gedreweu heeft of het beheer er over had, zal schuldig zijn aan 'n overtreding op deze Ordonantie en bij veroordeling blootstaan aan de straffen daarvoor voorgeschreven.

7. Artikel *vyftien* van die hoofordonnansie sal wees en word hierby herroep en die volgende nuwe artikel daarvoor in die plaas gestel :—

15. (1) Enige persoon welke zonder kennis of toestemming van de eienaar of persoon wettig belast met 'n motorvoertuig—

(a) de machinerie daarvan in beweging stelt ;

Wysiging van artikel 6 van hoofordonnansie. **Ord. No. 7 van 1927.**

Wysiging van artikel 14 van hoofordonnansie.

Herroeping van artikel 15 van hoofordonnansie en vervanging deur nuwe artikel.

Ord. No. 7
van 1927.

geraakt of vernield is, zal zodanig uitreiker van licenties bevoegd zijn tegen betaling van 'n fooi van twee shillings en zes pennies 'n duplikaat van zodanig licentie uit te reiken met het woord 'duplikaat' daarop vermeld. Zulke licentie zal getekend worden in de ruimte daarvoor voorzien in tegenwoordigheid van de uitreiker van licenties.

(d) Deur toevoeging van die volgende nuwe subartiekels :—

(5) Applikatie voor 'n tijdelike licentie zal gemaakt worden bij de uitreiker van licenties in wiens gebied de applikant woont.

(6) Enig applikant voor 'n drijverslicentie of voor 'n tijdelike licentie welke aan de uitreiker van licenties of aan het eksaminerend lichaam valse of onjuiste informatie zal geven zal schuldig zijn aan 'n overtreding en enige licentie aan zodanig persoon uitgereikt mag door 'n Magistraat ingetrokken worden, en de persoon wiens licentie aldus ingetrokken is zal geacht worden ongelicentieerd te zijn.

Herroeping
van artikel
5 van hoof-
ordonnansie
en ver-
vangung deur
nuweartikel

4. Artikel *vyf* van die hoofordonnansie sal wees en word hierby herroep en vervang deur die volgende nuwe artikel :—

(5) Enig persoon welke 'n geldige motorvoertuiglicentie in zijn bezit heeft hem machtigende zulk voertuig in enige andere Provincie van die Unie of elders te gebruiken zal het recht hebben zulk voertuig te gebruiken gedurende de geldigheid van zulke licentie binnen de Provincie Transvaal voor 'n onafgebroken tydperk van drie maanden van de datum waarop hij voor het eerst de Provincie binnekomt zonder 'n motorvoertuiglicentie uit te nemen krachtens de bepalingen van deze Ordonnantie, mits dat zulk voertuig niet als 'n huurvoertuig gebruik word. De bepalingen van dit artikel zullen *mutatis mutandis* van toepassing zijn op enig persoon welke 'n geldige licentie bezit voor het drijven van 'n motorvoertuig in enige andere provincie van de Unie of elders, mits dat zulke licentie onderworpen zal zijn aan die bepalingen van deze Ordonnantie met betrekking tot schorsing, endorsement of diskwalifikasie.

(b) Indien de fabrikant of handelaar zijn bezigheid verkoopt of op andere wijze van de hand zet, zal de koper of ander persoon aldus de eienaar daarvan wordende daarvan aan de registrerende autoriteit kennis geven, welke aan zodanig koper of ander persoon nieuwe certifikaten van registratie zal uitreiken voor de nummers vroeger toegekend aan de fabrikant of handelaar welke zijn bezigheid aldus van de hand zet, en op vertoon van zodanige certifikaten en de licenties van de vorige eienaar zullen nieuwe licenties voor de rest van het kalenderjaar op naam van de koper of ander persoon uitgereikt worden, zonder betaling van enige fooien. De vroegere licenties van de eienaar zullen door de uitreiker van licenties behouden worden.

(c) De registrerende autoriteit zal aan enig fabrikant of handelaar, aan wie 'n licentie uitgereikt is voor het jaar 1927 overeenkomstig de bepalingen van de hierbij herroepen subseksie, zeven nummers uitreiken in het geval van 'n fabrikant of handelaar in motorvoertuigen, en voor zulke nummers zullen geen kosten belast worden. De aldus uitgereikte nummers kunnen tot 31 Desember gebruik wordende alsof ze krachtens paragraaf (a) hiervan uitgereikt waren.

2. Subseksie (a) van artikel drie van die hoofordonnansie sal wees en word hierby gewysig deur opname na die woord "maakt" van die woorde "of laat of toestaat gebruik te wordende." Wysiging van artikel 3 van hoofordonnansie.

3. Artikel vier van die hoofordonnansie sal wees en word hierby gewysig as volg :— Wysiging van artikel 4 van hoofordonnansie.

(a) Deur herroeping van paragraaf (c) van subartikel (2) en daarvoor die volgende nuwe paragraaf in die plaas te stel :—

(c) de leeftyd van zeventien jare bereikt heeft.

(b) Deur in subartikel (2) opneming van die volgende nuwe paragraaf :—

(f) woonagtig is binne het jurisdiktiegebied van het eksaminerende liggaam waaraan applikasie gemaak wordende.

(c) Deur toevoeging van die volgende woorde aan die einde van subartikel (2) :—

"Telkens wanneer ten genoegen van die uitreiker van licenties blyk dat licentie uitgereikt aan enig persoon verlore"

Ord. No. 7
van 1927.

'N ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Motorvoertuig Ordonnansie, 1915.

(Goedgekeur 28 Junie 1927.)

(Datum van inwerkingtree, 20 Julie 1927.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

Wysiging van
artikel 2 van
hoofordon-
nansie.

1. Subartikel (9) van artikel twee van die Motorvoertuig Ordonnansie, 1915, soos van tyd tot tyd gewysig (hierna die hoofordonnansie genoem), sal wees en word hierby herroep en die volgende nuwe subartikel daarvoor in die plaas gestel:—

“(9) (a) De registrerende autoriteit van enig gebied waarin de bezigheidsgebouwen zijn gelegen van enig *bona fide* fabrikant van of handelaar in motorvoertuigen mag aan zodanig fabrikant of handelaar op zijn verzoek 'n minimum van vijf (5) en 'n maksimum van tien (10) nummers toekennen en daarvoor certifikaten van registratie uitreiken. Op vertoon van zodanige certifikaten aan de uitreiker van licenties, en tegen betaling van 'n som van £1. 10s. voor elk aldus uitgereikt nummer, in geval de fabrikant of handelaar 'n fabrikant of handelaar in motorkarren is, en tegen betaling van de som van 10s. voor elk nummer uitgereikt aan 'n fabrikant van of handelaar in motorrijwielen, zullen aan zodanig fabrikant of handelaar licenties uitgereikt worden voor het eerstvolgend kalenderjaar of gedeelte daarvan. 'n Aanzuiveringscertifikaat zal uitgereikt worden voor elk toegewezen nummer en zodanig certifikaat zal gestempeld worden met de letter “D” of “M” naar gelang van omstandigheden. Deze nummers aldus toegewezen aan 'n fabrikant of handelaar tezamen met het aanzuiveringscertifikaat daarvoor uitgereikt zullen verwisselbaar zijn van een voertuig op 'n ander in het bezit van zodanig fabrikant of handelaar, doch zullen niet overdraagbaar zijn van de fabrikant of handelaar op 'n ander persoon. Mits verder dat na de 30ste Junie in elk jaar de fooien voor zodanige licenties de helft van de jaarlijkse fooien zullen zijn.

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 6
van 1927.

Tot Wysiging van die Transvaal Hospitaalverpleegsters
Pensioene Ordonnansie, No. 13 van 1919.

(Goedgekeur 18 Junie 1927.)

(Datum van inwerkingtree, 6 Julie 1927.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg :—

1. Artikel *drie* van die Transvaal Hospitaalverpleegsters Pensioene Ordonnansie No. 13 van 1919 sal wees en word hierby gewysig as volg :—

(1) deur skrapping in die laaste paragraaf van subseksie (3) van die woorde “in zo ver er nog geen betaling heeft plaats gehad in termen van de eerstvolgende subseksie”;

(2) deur herroeping van subseksie (4).

2. Iedere leerlingverpleegster welke op de datum van het van kracht worden van deze Ordonnantie tot het fonds bijdroeg en wie zulks wenst zal het bedrag van haar eigen bijdragen tot het fonds met rente tegen de schaal van drie persent per jaar terugontvangen en de bijdragen betaald door de Administratie ten behoeve van zulke leerlingverpleegsters zullen aan de inkomsten terugbetaald worden met rente tegen de schaal van drie persent per jaar.

Wysiging van artikel 3 van Ordonnansie No. 13 van 1919.

Terugbetaling van bijdragen.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Transvaal Hospitaalverpleegsters Pensioene Wysigings Ordonnansie, 1927.

Korte titel.

Ord. No. 5
van 1927.

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere som van hoogstens £300,000 vir die dienste van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1928.

(Goedgekeur 13 Junie 1927.)

(Datum van inwerkingtree, 29 Junie 1927.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

£300,000 mag verstrekk word uit die Prowinsiale Inkomstefonds.

1. Op en na die eerste dag van April 1927 mag uit die Prowinsiale Inkomstefonds sulke somme geld verstrekk word, by mekaar geneem nie meer te bedra dan die som van driehonderdduisend pond nie, soos van tyd tot tyd mag nodig wees vir die diens van die Provinsie, vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1928, tot sulke tyd as die Raad daarvoor voorsiening gemaak het in 'n Toeëienings-ordonnansie.

Uitkerings onder hierdie Ordonnansie aangemerk te word as voorlopige voorskotte.

2. Alle somme wat uitgekeer word kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, sal aangemerk word as voorskotte op rekening van toelae wat sal verleen word in 'n Toeëieningsordonnansie, vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1928, en dadelik by die aanvang van sulke Toeëieningsordonnansie sal hierdie Ordonnansie ophou van krag te wees en uitkerings wat hieronder al gemaak is, sal geag word uitkerings te wees gemaak kragtens die Toeëieningsordonnansie en sal verantwoord word ooreenkomstig met die bepalinge daarvan; mits dat geen dienste waarop geen uitgawe was beloof nie gedurende die finansiële jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1927, of waarvoor geen wettige magtiging bestaan nie, sal geag word onder hierdie Ordonnansie gemagtig te wees.

Korte tittel.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Tweede Toeëienings (Deel 1927-1928) Ordonnansie, 1927.

Uitgawe.

	£ s. d.	Ord. No. 4 van 1927.
Betaal aan G.H., my verkiesingsagent		
Betaal aan I. J., klerk, vir.....dae dienste		
Betaal aan K.L., kontroleur, teen..... .. .		
Betaal aan I.J., klerk, vir.....dae dienste		
(Die naam en omskrywing van die agent en iedere klerk en kontroleur, en die som aan elk betaal moet afsonderlik vermeld word.)		
Betaal aan die volgende persone vir gelewerde goedere of werk en arbeid verrig :	£ s. d.	
(Die naam en omskrywing en die aard van die gelewerde goedere en die werk en arbeid verrig deur elk moet afsonderlik vermeld word.)		
Betaal aan huur van kamers vir hou van publieke vergaderings		
Betaal aan huur van kamers vir hou van komiteevergaderings		
Betaal aan diverse		
(Die naam en omskrywing van elk persoon aan wie enige som betaal is, en die rede waarvoor dit aan hom betaal was, moet afsonderlik vermeld word.)		

Behalwe bogenoemde, weet ek van die volgende nie-erkende en onbetaalde vorderings :-

	£ s. d.
Per T.U., vir..... .. .	
(Hier die naam en omskrywing te vermeld van elk persoon wie se vordering nie erken is nie, en die bedrag van die vordering en die goedere, werk of andere saak op watter grond die vordering gebaseer is.)	

Behalwe soas uit bostaande byk, het ek, en vir sover ek weet, niemand ten behoewe van my enige betaling gemaak, of enige beloning, betrekking, werk, of geldelike vergoeding gegee, beloop, of aangebied nie, of enige verpligting aangegaan voor of ten opsigte van die leiding of bestuur van die genoemde verkiesing.

Ek het die som van.....ponde in die geheel betaal, en nie meer nie, vir die doel van die verkiesing, en, behalwe soas hierbo omskrew, is geen geld, waarborg of ekwivalent vir geld, vir so ver ek weet en geloof, betaal, voorgeskiet, gegee of gedeponeer nie deur iemand aan iemand anders vir die doel enige onkoste te bestry ten behoewe van my gemaak vir of ten opsigte van die leiding en bestuur van die gesegde verkiesing.

Ek sweer (of verklaar) plegtig dat vir sover ek weet en geloof die bostaande verantwoording 'n volledige en ware opgawe is van my onkoste as kandidaat vir die genoemde verkiesing.

.....
Handtekening van Kandidaat, C.D.

Voor my onder eed afgelê (of bevestig) op die.....dag van.....

.....
E.F., Vrederegter.
Kommissaris van Ede.

Ord. No. 4
van 1927.

Vierde Skedule.

ARTIEKEL *Een-en-veertig.*

VORM VAN VOORKANT VAN STEMBRIEFIE.

Teënblad No.....

Noot.—Die teënblad moet 'n nommer hê wat ooreenkom met die op die keersy van die stembriefie.

BROWN.

1. (John Brown, van.....straat, *,....., Koopman.)

JONES.

2. (Henry Jones, van.....straat, *,....., Prokureur.)

ROBINSON.

3. (George Robinson, van.....straat, *,....., Kruienier.)

SMITH.

4. (Frederick Smith, van.....straat, *,....., Makelaar.)

VORM VAN AGTERKANT VAN STEMBRIEFIE.

No.....

VERKIESING VIR STADSRAAD VAN *.....

Noot.—Die nommer op die agterkant van die stembriefie moet ooreenstem met dié op die teënblad.

* Hier naam van stad te vermeld.

Vyfte Skedule.

ARTIEKEL *Ag-en-vyftig.*

VORM VAN OPGAWE VAN VERKIESINGSKOSTE.

Ek, A.B., kandidaat by die verkiesing vir die Raad van die Munisipaliteit.....op die.....dag van.....maak die volgende opgawe van my verkiesingskoste by die verkiesing:—

Ontvangste.

Ontvang van J.K.....

£ s. d.

(Hier die naam en omskrywing te vermeld van ieder persoon, klub, vereniging of assosiasie van wie enig geld was ontvang tot dekking van onkoste.)

Eerste Skedule.Ord. No. 4
van 1927.**ARTIEKEL Een.****HERROEPING VAN WETTE.**

Die Munisipale Verkiesings Ordonnansie (No. 8) van 1912.
 Die Munisipale Verkiesings Wysigings Ordonnansie (No. 2) van 1914.
 Die Munisipale Verkiesings Verdere Wysigings (No. 2) Ordonnansie
 (No. 10) van 1914.
 Die Munisipale Verkiesings Wysigings Ordonnansie (No. 4) van 1918.
 Die Munisipale Verkiesings (Jaarlikse Verkiesings, 1917) Wysigings Or-
 donnansie (No. 9) van 1917.
 Die Munisipale Verkiesings Wysigings Ordonnansie (No. 13) van 1925.
 Artikels *eenhonderd negentien* tot en met *eenhonderd vyf-en-dertig* van die
 Plaaslik Bestuur Ordonnansie.

Twede Skedule.**ARTIEKEL Vyftien (5) (a).**

Ek.....van.....verklaar as
 volg :—

(1) Dat ek die persoon is wie se naam voorkom op die Kieserslys vir
 die Stemdistribusie No.....van die Wyk.....
 van die.....Munisipaliteit onder No.....

(2) Dat ek by hierdie verkiesing nie gestem het op enig ander stem-
 kantoor nie.

As getuie my handtekening.....

Voor my.....

Presiderende Amptenaar.

Plaas.....

Datum.....

Derde Skedule.**ARTIEKEL Negentien.**

AAN DIE STADSKLERK,

MUNISIPALITEIT.....

Ek doen hierby aansoek om my naam geplaas te hê op die kiesers-
 lys van die Munisipaliteit.....kragtens die bepalings van
 artikel *negentien* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927.

1. My volle naam is.....
 (Vermeld of Mnr., Mevr. of Mej.)

2. Ek is 'n blanke persoon en meerderjarig Brits onderdaan.

3. Ek woon op die oomblik te.....

4. My beroep is die van.....

*5. Ek het binne hierdie munisipaliteit gewoon vir 'n tydperk van ses
 maande onmiddellik aan hierdie datum voorafgaande.

*6. Ek is die eienaar van belasbaar eiendom binne die munisipaliteit.

*7. Ek is nie as kieser ingeskrewe in hierdie of in enige andere munisi-
 paliteit nie.

*8. Ek is op die oomblik as 'n kieser ingeskrewe in die Munisipaliteit

Getuie.....

Handtekening van Applikant.

Adres.....

Datum.....

* Skrap wat nie toepaslik is nie.

Ord. No. 4
van 1927.

(2) By enige jaarlikse verkiesing waar raadslede moet verkies word ter aanvulling van toevallige vakatures, sal die vakatures ontstaan deur aftreding van raadslede weens afloop van hulle ampstyd geag word aangevul te wees deur die kandidate wat die grootste aantal stemme by die verkiesing kry. Die andere verkiesde kandidate sal geag word toevallige vakatures aan te vul in die volgorde en na gelang van die aantal stemme uitgebring op elk, sodat die kandidaat, wat van sulke andere kandidate die grootste aantal stemme gekry het geag sal word die raadslid op te volg wat, indien hy sy amp nie had opgegee nie, die langste in sy amp sou gebly het. In geval die saak nie as voorsê kan beslis word nie, deurdad op twee of meer kandidate 'n gelyk aantal stemme uitgebring is, of deurdad daar geen stemming het plaas gehad nie, sal die saak deur loting deur die presiderende amptenaar beslis word.

HOOFSTUK XII.

GEMENG.

Geldigheid van proklamasies uitgevaardig, maatreëls geneem, ens., kragtens herroepwette.

138. Nieteenstaande die herroeping van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1912 en amendemente daarop en van artikels *eenhonderd negentien* tot en met *eenhonderd vyf-en-dertig* van die Plaaslik Bestuur Ordonnansie, sal alle handeling verrig, proklamasies uitgevaardig, of stappe geneem respektiewelik kragtens dié Ordonnansies voor die in werkingtreding van hierdie Ordonnansie geag word verrig, uitgevaardig of geneem te wees kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie.

Geldig verklaring van onreëlmatighede in verband met verkiesings.

139. Indien ter oorsake van enige fout, toeval of versuim enigiets kragtens wet vereis gedoen te word by die opmaking van enige kieserslys of by die leiding van enige verkiesing nagelaat is te doen of nie gedoen is nie op die wyse of binne die tyd deur wet bepaal, kan die Administrateur gelas dat alle sulke stappe geneem word as mag nodig wees enige sulke fout, toeval of versuim te herstel of kan enigiets wat onreëlmatig mag gedaan wees in wese of vorm geldig maak opdat die strekking en doel van hierdie Ordonnansie van krag sal wees.

Titel en datum van in werkingtreding.

140. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1927, en sal in werking tree op die eerste dag van Januarie 1928.

die grootste aantal stemme by die verkiesing behaal het, sal hulle amp bly beklee vir 'n tydperk van twee jare, en die oorblywende derde van die verkiesde raadslede sal hulle amp vir 'n tydperk van een jaar bly beklee; mits dat in enig geval waarin die raadslede wat 'n gelyk aantal stemme behaal het en om die rede nie in die eerste, tweede of derde verdeling van voorsegde raadslede kan geplaas word nie, of indien daar geen stemming gehou word nie, deur loting beslis sal word watter raadslede in hulle amp sal bly, respektiewelik vir drie of twee of een jaar. Die presiderende amptenaar sal by bekendmaking van die uitslag van die verkiesing verder die respektiewe tydperke waarvoor die raadslede verkies is, bekend maak.

**Ord. No. 4
van 1927.**

135. By 'n eerste verkiesing kan die Administrateur, nieteenstaande enigiets in die voorafgaande artikel vervat, die tydperke voorskrywe waarvoor elke verdeling van raadslede by sulke eerste verkiesing verkies sitting sal bly hou.

Admini-
strateur
kan amps-
duur bepaal

136. Na sulke eerste verkiesing van raadslede en in die geval van iedere dorpsraad sal daar 'n jaarlikse verkiesing van raadslede wees wat gehou sal word in die maand Oktober van elk en ieder jaar vir die doel raadslede te verkies ter vervanging van 'n gelyk aantal raadslede wat aftree weens afloop van hulle ampstydperk en ook vir die doel sulke toevallige vakatures aan te vul as wat mag nodig wees aangevul te word kragtens die bepalings van artikel *eenhonderd een-en-dertig*; mits dat in die geval van dorpsrade ingestel kragtens subseksie (2) van artikel *eenhonderd sestiën* van die Plaaslik Bestuur Ordonnansie die Administrateur, deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant*, kan verklaar dat die verkiesing van raadslede na die eerste verkiesing nie sal plaas hê nie tot die maand Oktober van die jaar wat volg op die jaar waarin sulke eerste verkiesing gehou is.

Jaarlikse
verkiesing
van raads-
lede.

137. (1) Die raadslede verkies by iedere jaarlikse verkiesing ter aanvulling van die vakatures ontstaan deur aftrede van raadslede weens afloop van hulle ampstyd, sal sitting hê vir 'n tydperk van drie jare, en 'n raadslid verkies ter aanvulling van 'n toevallige vakature wat moet aangevul word kragtens artikel *eenhonderd een-en-dertig*, hetsy dat sulke verkiesing al of nie by die jaarlikse verkiesing sal gehou word, sal sitting hê vir die res van die tydperk waarvoor die raadslid wat uit sy amp getree is en wat hy opvolg, anders sitting sou gehad het.

Duur van
ampstyd van
raadslede.

**Ord. No. 4
van 1927.**

oorsake van enig versuim of nalatigheid of enige andere oorsaak watter ook enige vergadering vir die verkiesing van raadslede nie sal gehou word nie, dan en in ieder geval, sal die presiderende amptenaar sodra moontlik nadat van sulke gebeurtenis of versuim aan hom kennis gegee is, vergaderings van kiesers belê vir die doel 'n raadslid of raadslede te verkies op die hiervoor bepaalde wyse.

**Toevallige
vakatures.**

131. In die geval dat 'n vakature ontstaan as 'n gevolg van een van die omstandighede genoem in artikel *sewe*, sal die voorsitter van die Raad van sulke vakature aan die magistraat kennis gee wat, behalwe in die omstandighede genoem in die eerste bepaling van hierdie artikel, onmiddellik 'n vergadering sal belê van ingeskrewe kiesers vir die munisipaliteit vir die doel sulke vakature aan te vul op die hiervoor bepaalde wyse; mits dat indien enige sulke vakature ontstaan sal binne drie maande voor die eerste dag van November in die jaar waarin die raadslede uit hulle amp tree, sulke vakature nie sal aangevul word nie, dog sal bestaan bly totdat die eersvolgende algemene verkiesing gehou word; mits verder dat indien daar meer as drie vakatures is, hulle sal aangevul word deur 'n spesiale verkiesing vir die doel gehou en wat op die wyse soas deur hierdie Ordonnansie voorgeskrewe sal gehou word.

**Voorskrifte
in geval
van versuim
lede te kies.**

132. Indien om een of andere rede by enige verkiesing gehou kragtens hierdie hoofstuk die vereiste aantal raadslede nie verkies word nie, kan die Administrateur enig persoon of persone benoem tot raadslid of raadslede om die vereiste aantal vir die Raad voltallig te maak en kan die tydperk bepaal waarvoor die aldus benoemde persone as raadslede sal sitting hê.

**Eerste
verkiesing.**

133. Die eerste verkiesing, kragtens hierdie Ordonnansie, van dorpsrade ingestel kragtens subseksie (2) van artikel *eeenhonderd sestien* van die Plaaslik Bestuur Ordonnansie, sal plaas hê op of tussen sulke dae as deur die Administrateur per proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* sal bepaal word, en by uitvaardiging van sulke proklamasie sal die presiderende amptenaar 'n dag bepaal, in ooreenstemming met die terme van sulke proklamasie, vir hou van die verkiesing, en sal sulke kennisgewing as voorgeskrewe is deur artikel *eeenhonderd ses-en-twintig* publiseer.

**Ampstydperk
van raads-
lede verkies
by eerste
verkiesing.**

134. By enige sulke eerste verkiesing sal een-derde van die verkiesde raadslede, wat dié sal wees wat die grootste aantal stemme behaal het, in hulle amp bly vir 'n tydperk van drie jare, en die een-derde van die verkiesde raadslede wat op een na

te wees as die aantal persone wat verkies moet word nie. Die kieser sal daarop die papierstrokie in 'n daarvoor bestemde bus werp. Die vergadering sal na verloop van ses ure vanaf die uur bepaal as die tyd van die vergadering gesluit word, tensy daar enig ingeskrewe kieser sal teenwoordig wees wat sy stem nog nie uitgebring het nie; in welk geval die presiderende amptenaar bevoeg sal wees die vergadering te verleng totdat ieder sulk kieser sy stem sal uitgebring het; mits dat waar die totale aantal kiesers op enige kieserslys minder as tweehonderd-en-vyftig is die aantal ure toegestaan vir die duur van die vergadering as voorsê na diskresie van die presiderende amptenaar mag verminder word tot nie minder as vier ure nie indien van sulke vermindering behoorlik was kennis gegee in die kennisgewing genoem in artikel *eenhonderd ses-en-twintig* hiervan.

(2) Die presiderende amptenaar sal dan die bus oop en die stemme aldus uitgebring tel, en sal die persone wat die grootste aantal stemme verkry het as behoorlik verkies verklaar in die volgorde van die aantal stemme op hulle uitgebring. In die geval dat die aantal stemme uitgebring op twee of meer kandidate bevind word gelyk te wees en in geval dat die gelykheid van invloed is op die uitslag van die verkiesing, sal die presiderende amptenaar deur loting beslis wie as behoorlik verkies sal verklaar word. Die presiderende amptenaar sal daarop die stembriefies in 'n verseelde pakket plaas en dit in sy besit hou, en sal die inhoud na verloop van 'n tydperk van drie maande vernietig. Die presiderende amptenaar sal nooit die wyse waarop enig kieser sy stem uitgebring het bekend maak nie.

(3) Alle uitgawe noodsaaklikerwyse beloop deur die presiderende amptenaar in verband met die nominasies vir en hou van enige verkiesing, sal deur die Raad gedra word.

130. (1) Enig kieser mag beswaar maak teen die verkiesing van een of meer persone wat deur die presiderende amptenaar as behoorlik verkies verklaar is kragtens die twee voorafgaande artikels. Sulk beswaar sal binne sewe dae na die verklaring van verkiesing by die presiderende amptenaar ingedien word, en skriftelik die gronde vermeld van die beswaar, en die presiderende amptenaar sal op ontvangs van sulk beswaar daaromtrent sulke ondersoek instel as hy mag dienstig ag en sal na sy diskresie sulk beswaar erken of van die hand wys.

(2) Indien enige verkiesing deur die presiderende amptenaar ongeldig sal verklaar word tengevolge van erkenning van enig sulk beswaar, of dat ter

Voorskryfte
in geval 'n
onreëlmattig
gehoue
verkiesing.

**Ord. No. 4
van 1927.**

(3) Sulke kennisgewing sal 'n publieke vergadering byeen roep van die persone ingeskrewe op die kieserslys van die munisipaliteit om raadslede te nomineer en te verkies.

(4) Iedere sulke kennisgewing sal die uur en plek binne die munisipaliteit omskrywe waarop die vergadering sal gehou word en die vergadering sal op die aldus omskrewe uur en plek gehou word. Ook sal die genoemde kennisgewing die duur van die genoemde vergadering vermeld.

Presiderende
amptenaar
voor te sit.

127. Op die tyd en plek in die kennisgewing bepaal sal die presiderende amptenaar aanwesig wees en sal by die gehoue vergadering voorsit.

Nominasie
van
kandidate
vir
verkiesing.

128. Enig persoon ingeskrewe op die kieserslys van die munisipaliteit en op sulke vergadering teenwoordig, mag vir verkiesing as raadslid enig persoon voorstel bevoeg om verkies te word, en ieder sulk voorstel sal, voordat dit aan die vergadering voorgelê word, geseondeer word deur enig ander persoon op die kieserslys van die munisipaliteit ingeskrewe en op sulke vergadering teenwoordig. Die persoon aldus voorgestel en geseondeer sal geag word behoorlik genomineer te wees sodra hy persoonlik op die vergadering of skriftelik per brief of telegram van sy aanname van nominasie het kennis gegee. Indien die aantal behoorlik genomineerde persone nie meer is as die aantal raadslede wat verkies moet word nie, sal die presiderende amptenaar dan en daar die aldus genomineerde persone as verkies verklaar, dog indien die aantal behoorlik genomineerde persone meer is as die aantal raadslede wat verkies moet word, sal die presiderende amptenaar op 'n tyd en plek en op 'n datum dan en daar bepaal te word, sulke datum nie later te wees as veertien dae vanaf die datum van die gesegde vergadering nie, dan en daar oorgaan tot 'n stemming deur die ingeskrewe kiesers op die wyse soas in die eersvolgende artikel bepaal.

Wyse van
hou van
verkiesing.

129. (1) Die presiderende amptenaar sal aan die vergadering die name van die persone voorlees wat behoorlik genomineer is. Elk op die vergadering aanwesige kieser sal op sy beurt aan die tafel kom waaraan die presiderende amptenaar sit, en na die presiderende amptenaar oortuig te hê dat sy naam op die kieserslys vir die munisipaliteit voorkom en dat hy by die verkiesing wat dan gehou word nog nie reeds gestem het nie, sal hy op 'n strokie papier behoorlik geperforeer of offisieel gemerk deur die presiderende amptenaar en deur hom aan die kieser oorhandig, die name van die genomineerde persone merk waarop hy wens te stem, nie meer

Ord. No. 4
van 1927.

(5) Die Raad sal onmiddellik na opmaking van die genoemde lys deur kennisgewing aangeplak buite die kantoor van die Raad bekend maak dat 'n eksemplaar van die genoemde lys op die genoemde kantoor ter insae lê, en 'n eksemplaar van die genoemde lys sal, gedurende kantoorure, op die genoemde kantoor ter insae lê vir 'n tydperk van veertien dae. Ook sal in die genoemde kennisgewing bekend gemaak word dat op 'n sekere datum, wat nie minder sal wees as sewe dae na verloop van die genoemde veertien dae nie, en op 'n uur en plek daarin genoem te word, vorderinge om ingeskrewe te word op, of besware teen die genoemde lys sal gehoor en beslis word.

(6) Die voorsitter en twee andere lede van die Raad sal, op die aangekondigde dag, in ope sitting al sulke vorderinge en besware hoor en daaromtrent beslis, en mag na gelang van noodsaaklikheid van tyd tot tyd verdaag.

(7) Die hersiene lys deur die voorsitter gesertifiseer, sal die kieserslys van krag wees en bly en daaraan sal nie toegevoeg of verander word nie totdat hieronder 'n nuwe lys opgemaak is.

124. Die Administrateur mag die aantal raadslede van enige dorpsraad vasstel en van tyd tot tyd vermeerder of verminder, en van iedere sulke vermeerdering of vermindering sal deur proklamasie in die *Provinsiale Koerant* kennis gegee word, mits dat die aantal raadslede vir enige dorpsraad nie minder as drie nog meer as twaalf sal wees nie, en verder 'n aantal sal wees wat 'n veelvoud van drie is.

Vasstelling
van aantal
lede.

125. Ieder raadslid wat by aanvang van hierdie Ordonnansie sitting het, kan sy amp bly beklee tot afloop van die tydperk waarvoor hy verkies was.

Bestaande
raadslede.

126. (1) Verkiesings van dorpsrade sal gehou word in die loop van die maand Oktober in elk jaar op die hierna bepaalde wyse.

Datum van
jaarlikse
verkiezing
van dorps-
rade en

(2) Die Magistraat of sulk ander persoon as deur die Administrateur kan benoem word (hierna die presiderende amptenaar genoem) sal, met inagnome van die bepalinge van subseksie (1), die dag vir hou van die verkiezing vasstel, en hy sal minstens veertien dae voor die dag aldus vasgestel 'n kennisgewing publiseer in 'n nuusblad wat binne die munisipaliteit sirkuleer, en sulke kennisgewing laat aanplak op 'n plek deur die presiderende amptenaar goedgekeur en op sulke andere in die oog lopende plek as die presiderende amptenaar mag dienstig ag.

kennisgewing
van
verkiezings-
vergadering.

Ord. No. 4
van 1927.

Versuim om
getuie te
betaal.

122. Indien 'n petitionaris van 'n verkiesingspetiesie ingedien kragtens hierdie Ordonnansie in die tydsverloop van een maand na aanmaning sal nalaat of weier aan enig persoon gedagvaar as getuie voor hom of aan verweerder enige som te betaal gesertifiseer aan hom verskuldig te wees vir sy koste, uitgawe of onkoste, en indien sulke nalatigheid of weiering bewys word ten genoege van die hof aan wie die petiesie was ingedien, sal ieder persoon wat borgstelling gegee het in verband met die petiesie kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie geag word in gebreke te wees vir die bedrag van sy genoemde borgstelling, en die Registrateur van die genoemde hof sal daarop sertifiseer dat sulke borgstelling verbeurd is en daarna kan met verlof van die genoemde hof eksekusie verleen word op versoek van enige sulke getuie of verweerder na gelang dit van tyd tot tyd sal nodig wees.

HOOFSTUK XI.

KIESERSLYS EN VERKIESINGS VAN DORPSRADE.

Opmaak
van
kieserslys.

123. (1) Binne een maand na die datum van 'n proklamasie kragtens die Plaaslik Bestuur Ordonnansie waarby 'n dorpsraad ingestel word, sal die magistraat of enig ander persoon deur die Administrateur benoem 'n lys opmaak van alle persone wat ooreenkomstig artikel *ag* van hierdie Ordonnansie bevoeg is te stem by die verkiesing van 'n dorpsraad en wat nie kragtens artikel *tien* of artikel *elf* gediskwalifiseer is nie.

Die genoemde kieserslys kan deur die magistraat of ander benoemde persoon gewysig word, en sulke lys sal op die kantoor van die magistraat of ander persoon ter insae lê vir veertien dae voor die dag van die verkiesing van lede van die Raad, mits dat geen wysiging in die genoemde lys sal gemaak word nie binne 'n tydperk van sewe dae voor die dag van die verkiesing.

(2) Die koste van opmaak van sulke lys sal ter laste van die Raad wees.

(3) Nieteenstaande die herroeping van artikel *eenhonderd een-en-twintig* van die Plaaslik Bestuur Ordonnansie, sal die kieserslys daaronder opgemaak die kieserslys wees en bly totdat hieronder 'n nuwe lys opgemaak is.

(4) Iedere kieserslys van latere datum as die lyste genoem in subseksies (1) en (3) hiervan, sal deur die Raad voor die vyftiende dag van Augustus in elk en ieder jaar opgemaak word.

116. Wanneer daar meer as een petitioneris is, sal geen applikasie vir terugtrekking van 'n petiesie gemaak word nie sonder die konsent van al die petitionerisse.

Konsent van mede-petitionerisse vereis vir terugtrekking.
Verval deur oorlyde.

Ord. No. 4
van 1927.

117. 'n Verkiesingspetiesie kragtens hierdie Ordonnansie sal verval deur oorlyde van die enigste petitioneris of petitionerisse, dog deur sulke vervalling sal die verantwoordelikheid van die petitioneris of petitionerisse tot betaling van reeds gemaakte koste niet opgehef word nie.

118. By vervalling van 'n petiesie kan enig persoon wat 'n petitioneris kon gewees het in verband met die verkiesing waarop die petiesie betrekking het, binne een-en-twintig dae na sulke vervalling by die Hooggeregshof of 'n regter daarvan aansoek doen om as 'n petitioneris in die plaas gestel te word en sulk hof of regter kan dan, indien dienstig geag, as 'n petitioneris enig sulk applikant in die plaas stel wat wens in die plaas gestel te word, en ten behoeve waarvan borg gestel is vir dieselfde bedrag as wat vereis word in die geval van 'n nuwe petitioneris.

Gevolg van verval.

119. 'n Verweerder wat kennis gegee het dat hy nie van plan is sig teen die petiesie te verset nie, sal nie toegestaan word te verskyn of op te tree as 'n party teen sulke petiesie by enige behandeling daarvan nie, en sal in die Raad waartoe hy verkies is nie sit of stem nie in afwagting van die uitslag van die behandeling van die petiesie en in alle gevalle waarin sulke kennisgewing gedoen is sal die hof daarvan aan die burgemeester kennis gee.

Verweerder wat kennis gegee het dat hy nie sal verdedig nie, kan nie verskyn nie.

KOSTE.

120. Al die koste en uitgawe van en voortvloeiende uit die indiening van 'n petiesie kragtens hierdie Ordonnansie en van die daaruit gevolgde behandeling sal gedra word deur die partye tot die petiesie op sulke wyse en in sulke proporsies as die hof waarvoor die petiesie behandel word of sal behandel word sal beslis, met inagnome van die reg om enige koste of uitgawe wat na die oordeel van die hof veroorsaak is deur die kwellende handeling, ongegronde bewerings of ongegronde objeksies van die kant van die petitioneris of die verweerder, teen te gaan dat enige onnodige koste gemaak word deur die las om hulle te betaal te lê op die partye wat hulle veroorsaak het, hetsy die partye al of nie in die gelyk gestel word.

Hof te beslis omtrent koste.

121. Die koste kan getakseer en ingevorder word op dieselfde wyse as die koste van 'n gewone regs-geding in die Hooggeregshof in hierdie Provinsie.

Taksasie van koste.

**Ord. No. 4
van 1927.**

hof, behalwe in gevalle van beskuldiging weens meened toelaatbaar sal wees as getuienis teen hom in enig siviël of krimineel geding nie.

Getuiekoste. **109.** Die redelike onkoste gemaak deur iemand wat verskyn om getuienis af te lê by die behandeling van 'n verkiesingspetiesie kragtens hierdie Ordonnansie volgens het gewone tarief van betaling aan getuie by die behandeling van siviele sake in die Hooggeregshof van hierdie Provinsie, mag aan so iemand toegestaan word en sulke onkoste sal beskou word koste van die petiesie te wees.

**TERUGTREKING EN VERVAL VAN
VERKIESINGSPETIESIES.**

Petiesie nie sonder verlof terug te trek nie. **110.** 'n Verkiesingspetiesie kragtens hierdie Ordonnansie sal nie sonder verlof van die hof teruggetrek word nie, en nadat sulke kennisgewing sal gegee wees as sulk hof sal beveel.

Vervanging van petisionaris kan gevra word. **111.** By die behandeling van die applikasie vir terugtrekking, kan enig persoon wat 'n petisionaris sou gewees het in verband met sulke verkiesing waarop die petiesie betrekking het, aan die hof versoek in die plaas gestel te word as 'n petisionaris vir die petisionaris wat wens die petiesie terug te trek.

Hof mag in die plaasstelling beveel. **112.** Indien die hof dit dienstig ag kan dit een der voornoemde applikante in die plaas stel van die petisionaris, en kan, verder, indien die voorgestelde terugtrekking na die oordeel van die hof die gevolg is van 'n onregmatige ooreenkoms of beweegrede, beveel dat die borgstelling gegee ten behoeve van die oorspronklike petisionaris van krag sal bly as sekuriteit vir enige koste wat mag beloop word deur die in die plaas gestelde petisionaris, en dat die oorspronklike petisionaris sal verantwoordelik wees vir die koste van die in sy plaas gestelde petisionaris tot die bedrag in die borgstelling genoem.

Wanneer nuwe borgstelling nodig is. **113.** Indien sulk 'n bevel nie gegee is nie omtrent die borgstelling van die oorspronklike petisionaris, dan sal borg gestel word vir dieselfde bedrag as nodig sou wees in geval van 'n nuwe petiesie, en onderwerp aan dieselfde voorwaardes ten behoeve van die plaasvervangende petisionaris voordat hy met sy petiesie kan voortgaan en binne veertien dae na die bevel van in die plaasstelling.

In die plaas gestelde petisionaris. **114.** Onderwerp aan die voorafgaande, sal 'n in die plaas gestelde petisionaris so veel moontlik in dieselfde posisie wees en onderwerp aan dieselfde verpligtings as die oorspronklike petisionaris.

Koste van petiesies teruggetrek. **115.** Indien 'n petiesie teruggetrek word sal die petisionaris verantwoordelik wees vir betaling van die koste van die verweerder.

105. Wanneer kragtens hierdie Ordonnansie meer as een petiesie aangebied word wat betrekking het op dieselfde verkiesing of stemopneming, sal al sulke petiesies op die lys van petiesies deur 'n akkolade verbind word en sal as een petiesie behandel word, dog sulke petiesie sal op die verkiesingslys voorkom op die plek waar die laaste van sulke petiesie sou gestaan het indien dit die enigste petiesie gewees was wat aangebied was, tensy die hof of die regter daarvan anders sal beveel.

Petiesies wat betrekking het op dieselfde verkiesing tegelyk behandel te word.

Ord. No. 4
van 1927.

GETUIE.

106. Getuie sal gedagvaar en beëdig word op dieselfde wyse as by 'n regsak voor die Hoogeregshof, en sal onderwerp wees aan dieselfde strawwe vir meened.

Dagvaar van getuie.

107. By die behandeling van 'n verkiesingspetiesie kragtens hierdie Ordonnansie, kan die hof enig getuie of enig persoon in die hof ondervra alhoewel sulke getuie of persoon nie opgeroep of ondervra is deur een van die partye tot die petiesie nie. Na die ondervraging van 'n getuie as voorsê deur die hof, mag sulk getuie gekruisvraag word deur of namens die petisionaris en verweerder of een van hulle.

Getuie nie gedagvaar nie mag ondervraag word.

108. Niemand wat opgeroep is as getuie by die behandeling van 'n verkiesingspetiesie sal vrygestel word van beantwoording van enige vraag wat betrekking het op enige onregmatige of onwettige praktyk by of in verband met enige verkiesing wat as dan die onderwerp van ondersoek uitmaak, op grond dat die antwoord daarop homself kan of sal beskuldig, mits dat waar enig getuie iedere vraag sal beantwoord met betrekking tot enige voornoemde sake wat van hom deur die hof verlang word te beantwoord en dat die antwoord daarop hom sou beskuldig of sou kan beskuldig, hy geregtig sal wees van die hof onder die hand van die registrateur 'n sertifikaat te ontvang vermeldende dat sulke getuie deur die hof by sy verhoor gelas was vrae of 'n vraag te beantwoord omtrent die genoemde sake, welke antwoord of antwoorde hom beskuldig of kan beskuldig, en dat hy die vrae of vraag beantwoord het; en indien te eniger tyd daarna teen sulke getuie in 'n hof 'n beskuldiging of proses aanhangig is weens 'n oortreding deur hom op hierdie Ordonnansie begaan voor hy sy getuienis het afgelê, en wat betrekking het op, of in verband staan met die verkiesing waaromtrent die getuie also sal ondervra wees, sal die hof op vertoon van sulk sertifikaat die behandeling van sulk 'n beskuldiging of proses staak; mits dat geen verklaring deur iemand afgelê in antwoord op enige vraag hom gestel deur of voor sulk

Getuie nie geregtig te weier te antwoord omdat hy sigself sou kan beskuldig, maar gevrywaar teen gevolge van sulk antwoord.

**Ord. No. 4
van 1927.**

(6) by afloop van die behandeling van enige verkiesingspetiesie, sal die hof beslis of die verweerder behoorlik verkies was of dat iemand anders, en so ja, welk persoon anders as die verweerder geregtig was of is om as behoorlik verkies verklaar te word; indien die hof sal beslis dat die verweerder behoorlik verkies was dan sal sulke verkiesing geldig wees en bly as of teen hom geen petiesie was aangebied nie. Indien die hof sal beslis dat die verweerder nie behoorlik verkies was nie dog dat iemand anders geregtig was of is om as behoorlik verkies verklaar te word, dan sal die verweerder geag word sy setel onmiddellik opgegee te hê, en die hof sal van sulke beslissing terstond aan die Administrateur kennis gee wat daarop deur proklamasie in die *Provinciale Koerant* sulk ander persoon as behoorlik verkies sal verklaar. Indien die hof sal beslis dat die verweerder nie behoorlik verkies was nie en dat niemand anders geregtig was of is as behoorlik verkies verklaar te word, dan sal die setel van die verweerder onmiddellik geag word vakant te wees, en van sulke beslissing sal die hof terstond aan die Administrateur kennis gee wat daarop sal gelas dat 'n nuwe verkiesing sal plaas hê vir die doel sulke vakature aan te vul en sulke verkiesing sal op dieselfde wyse gehou word as deur hierdie Ordonnansie voorgeskrewe word vir jaarlikse verkiesings.

Wanneer setel geëis word vir iemand anders as verweerder.

102. By die behandeling van 'n petiesie kragtens hierdie Ordonnansie, waarin gekla word oor 'n onwettige verkiesing of stemopneming, en die setel vir iemand anders opgeëis word, kan die verweerder getuienis aflê om te bewys dat die verkiesing van so iemand onwettig was op dieselfde wyse as of hy 'n petiesie had ingedien waarin oor sulke verkiesing gekla word.

PROSEDURE.

Vorm van petiesie.

103. 'n Verkiesingspetiesie kragtens hierdie Ordonnansie sal in sulke vorm wees en sulke sake bevat as deur 'n beslissing van 'n hof sal voorgeskrewe wees.

In geval dat twee of meer kandidate verweerders is.

104. Twee of meer kandidate kan verweerders gemaak word teen dieselfde petiesie en sulke petiesie sal as een petiesie ingeskrewe word en terselfder tyd behandel word, dog vir al die doeleindes van hierdie Ordonnansie sal sulke petiesie aangemerkt word 'n afsonderlike petiesie teen elk verweerder te wees.

anders sal na verloop van die tyd bepaal vir indien van besware of indien na gemaakte beswaar die toereikendheid van die borgstelling is vasgestel, met die petiesie voortgegaan word.

Ord. No. 4
van 1927.

100. Die Registrateur van die Hooggeregshof sal sodra moontlik 'n lys opmaak van petesies wat kragtens hierdie Ordonnansie aan die hof aangebied is en wat voortgang sal hê, en hulle te plaas in die volgorde waarin hulle was aangebied, en sal op sy kantoor 'n kopie van sulke lys hou, hierna die verkiesingslys genoem te word, wat ter insae sal lê vir enig persoon wat om insae daarvan vra. Sulke petesies sal behandel word in die volgorde waarin hulle op die lys voorkom, tensy die hof anders sal gelas.

Registrateur
van hof lys
van petesies
te maak.

BEHANDELING VAN 'N PETESIE.

101. Die volgende bepalings sal van toepassing wees op die verhoor van verkiesingspetesies kragtens hierdie Ordonnansie :—

Bepalings
vir
behandeling
van
verkie-
sings-
petesies.

- (1) Iedere verkiesingspetesie sal met ope deure behandel word ;
- (2) die behandeling van verkiesingspetesies gedurende elke siviele sitting vasgestel deur enige beslissing of order van die hof ; mits dat die hof aan wie die petesie is aangebied op die applikasie van enige van die petisionarisse of verweerders enige dag kan bepaal vir sulke behandeling gedurende of buite 'n sitting ;
- (3) kennisgewing van tyd en plek waar 'n verkiesingspetesie sal behandel word deur die Registrateur van die Hooggeregshof aan die betrokke partye minstens veertien dae voor die dag waarop die behandeling sal plaas hê, gestuur word ;
- (4) die hof mag die behandeling van tyd tot tyd en van plaas tot plaas uitstel ;
- (5) waar by die behandeling van 'n verkiesingspetesie waarin die hof gevra word te beslis dat enig ander persoon as die verweerder geregtig is as behoorlik verkies verklaar te word in die plaas van die verweerder, bewys word dat enig persoon wat voor die verweerder gestem het is omgekoopt of onthaal of blootgestel was aan onbehoorlike invloed deur iemand ten behoeve van die verweerder of dat sulk persoon skuldig was aan personasie of aan 'n onwettige praktyk, betaling of huur, sal iedere stem op die verweerder uitgebring deur sulk persoon afgetrek word van die totale aantal stemme uitgebring op die verweerder by die verkiesing ;

**Ord. No. 4
van 1927.**

(4) by indiening van die petiesie of binne sewe dae daarna sekuriteit vir die betaling van alle koste, laste en onkoste wat deur die petitioner verskuldig mag word ;

(a) aan enig persoon gedagvaar as 'n getuie vir hom te verskyn ;

(b) aan die lid oor wie se verkiesing of bevoegdheid gekla word (wat hierna die verweerder genoem word) ;

sal gegee word deur of ten behoeve van die petitioner ;

(5) die borgstelling sal die bedrag van driehonderd ponde wees ; en sal of 'n skriftelike verbintenis aangegaan te word deur enig aantal borge, hoogstens vier, of deur 'n deposito in geld by die Registrateur van die Hooggeregshof, of gedeeltelik die ene en gedeeltelik die andere wees.

Dien van
petiesie op
verweerder.

98. Skriftelike kennisgewing van die aanbieding van 'n petiesie kragtens hierdie Ordonnansie en van die aard van die voorgestelde borgstelling vergesel van 'n kopie van die petiesie sal binne tien dae na die aanbieding van die petiesie deur die petitioner op die verweerder gedien word, hetsy persoonlik of deur dit agter te laat aan sy gewone of laasbekende woning of besigheidsplek, en die verweerder kan, indien die borgstelling geheel of gedeeltelik deur skriftelike verbintenis geskied is, deur 'n skriftelike kennisgewing op die petitioner gedien te word op die bogenoemde wyse en binne een-en-twintig dae vanaf die datum van diening op hom van sulke kennisgewing, teen sulk 'n verbintenis beswaar maak op grond dat die borge, of een of meer van hulle, onvoldoende is of dat een borg oorlede is of nie kan gevind word nie of dat iemand wat in die verbintenis is genoem dit nie behoorlik erken het nie.

Hoe besware
teen borg-
stelling te
behandel.

99. Elk beswaar ingebring teen borgstelling gegee sal gehoor en beslis word deur die Hooggeregshof van hierdie Provinsie, of deur 'n regter daarvan. Indien enig beswaar teen die borgstelling toegestaan word, kan die petitioner binne 'n verdere termyn, deur die hof of regter te bepaal, en van hoogstens tien dae, die beswaar ophef deur storting van sulk 'n som in geld as deur die hof of regter sal nodig geag word om die borgstelling voldoende te maak.

Indien op beswaar gemaak die borgstelling beslis word onvoldoende te wees en sulk beswaar word nie opgehef op die hiervoor genoemde wyse nie, dan sal die petiesie nie verder behandel word nie ; maar

(3) iedere stemopnemer, presiderende amptenaar, verkiesingsklerk of kontroleur wat op 'n stembriefie enig merk of skrif plaas nie deur hierdie Ordonnansie gemagtig nie, sal skuldig wees aan 'n oortreding en by veroordeling daarvoor blootstaan aan gevangenisstraf vir enig tydperk van hoogstens twaalf maande met of sonder harde arbeid.

**Ord. No. 4
van 1927.**

95. Behalwe soas deur hierdie Ordonnansie gemagtig, sal 'n ieder wat opsetlik of moedwillig die seël verbreek van of enig sulke verseëlde pakket oop, soas hiertevore genoem, tensy hy by wettig bevel van 'n bevoegde hof of andere regbank daartoe of tot die inlewering van 'n gedeelte van die inhoud van sulke pakket gelas is, sal geag word skuldig te wees aan 'n oortreding en by veroordeling blootstaan aan gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twaalf maande met of sonder harde arbeid.

Straf vir
verbreking
van seël
of opening
van pakket.

HOOFTSTUK X.

VERHOOR VAN VERKIESINGSPETIESIES.

96. 'n Petiesie waarin geklaag word oor 'n onwettige verkiesing van 'n raadslid vir enige wyk van 'n munisipliteit weens nie-bevoegdheid, diskwalifikasie, onregmatige of onwettige praktyk, onreëlmatigheid of andersins kan by die Hooggeregshof ingedien word deur :

Verkiesings-
petiesies
kan aan
Hooggeregs-
hof ingedien
word.

- (1) 'n geregistreerde kieser in sulke munisipliteit ;
- (2) een of ander persoon wat beweer dat hy by sulke verkiesing had behoor verkies te word ;
of
- (3) een of ander persoon wat beweer self by die verkiesing 'n kandidaat gewees te het.

Sulke petiesie word hierinlater 'n verkiesingspetiesie genoem.

97. Op die aanbieding van 'n verkiesingspetiesie kragtens hierdie Ordonnansie sal die volgende bepalinge van toepassing wees :—

Voorskrifte
vir sulke
petiesies.

- (1) die petiesie moet onderteken wees deur die petisionaris of al die petisionarisse indien daar meer as een is ;
- (2) die petiesie sal binne sestig dae nadat die uitslag van die verkiesing deur die stemopnemer bekend gemaak is aangebied word ;
- (3) die indiening van 'n petiesie sal geskied deur hom by die Registrateur van die Hooggeregshof in te lewer ;

**Ord. No. 4
van 1927.**

weier uit te voer, sal vir iedere sulke oortreding blootstaan aan 'n straf van hoogstens tweehonderd ponde.

(2) Ieder vrederegter, presiderende amptenaar of ander beampte of persoon wat opsetlik enige van die pligte wat hy kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie verplig is uit te oefen, verwaarloos of weier uit te voer, sal vir iedere oortreding blootstaan aan 'n straf van hoogstens vyftig ponde.

Knoei met
stembriefies
en stem-
busse.

92. Ieder presiderende amptenaar of ander persoon wat in 'n stembus 'n stembriefie plaas of wat met sy kennis in 'n stembus geplaas word wat nie wettig aan 'n kieser oorhandig en deur hom gemerk is nie of enig stembriefie of die offisiële merk daarop vervals of namaak of bedrieglik onleesbaar maak of vernietig, sal skuldig wees aan 'n oortreding en sal by skuldig bevinding blootstaan aan gevangenisstraf vir enig tydperk van hoogstens twee jare met of sonder harde arbeid. Die bewys dat 'n groter aantal stembriefies in die stembus gevind word of deur 'n presiderende amptenaar opgegee word as in 'n stemkantoor ontvang te wees as wat die aantal kiesers is wat op sulk stemkantoor gestem het, sal prima facie bewys wees dat die presiderende amptenaar in sulk stemkantoor skuldig was aan 'n oortreding teen hierdie artikkel.

Opsetlik
maak of
indien van
'n valse
vordering.

93. 'n Ieder sal blootstaan aan 'n straf van hoogstens een honderd ponde of aan gevangenisstraf van hoogstens twaalf maande met of sonder harde arbeid, wat:—

(1) Aan 'n amptenaar wat benoem is om die kieserslys te hersien 'n vordering oorhandig of instuur waarvan enige gewigtige besonderheid onwaar is; of

(2) opsetlik sulk 'n vordering laat opmaak of die opmaking daarvan bevorder, of op enigerlei wyse daarby betrokke is.

Straf vir
oopmaak van
vou van
stembriefie.

94. (1) Ieder stemopnemer, presiderende amptenaar, verkiesingsklerk, kontroleur of ander persoon wat opsetlik en moedwillig die vou van 'n stembriefie losmaak waarin die nommer van 'n kieser geskrewe is, tensy hy daartoe gelas is deur 'n wettig bevel van 'n bevoegd hof of andere regbank; en

(2) ieder stemopnemer, presiderende amptenaar, verkiesingsklerk of kontroleur wat trag na te gaan of te ontdek of direk of indirek behulpsaam is by nagaan of ontdek op wie 'n stem uitgebring is, behalwe wanneer iemand opelik stem, of wat in die uitvoering van sy amp te wete kom op wie enig kieser gestem het, en die wetenskap aan iemand meedeel, tensy in antwoord op 'n vraag gedaan tydens die verrigtings voor 'n bevoegd hof of andere regbank; en

betrekking tot 'n verkiesing waaromtrent 'n petiesie deur die hof word gehoor dan sal hy ingestel word binne ses maande nadat die oortreding begaan was of binne drie maande nadat die hof wat 'n verkiesingspetiesie hoor rapport sal uitbring hê, en binne die tydperk wat die laaste verstryk, mits daarmee aangevang word binne twee jare nadat die oortreding begaan was.

(2) Vir die doel van hierdie artikel sal die uitreiking van 'n dagvaarding of bevelskrif of andere maatreël gereken word as die begin van die vervolging, indien die diening of uitvoering daarvan op of teen die beweerde oortreder belet word deur voortvlugtigheid of verberging of handeling van die beweerde oortreder, maar in alle andere gevalle sal die diening daarvan op, of die uitvoering daarvan teen die beweerde oortreder, en nie die uitvaardiging daarvan nie, geag word die aanvang van die vervolging te wees.

88. 'n Ieder beskuldig van onregmatige praktyk kan, indien die omstandighede sulke uitspraak regvaardig, skuldig verklaar word aan onwettige praktyk en enig persoon beskuldig van onwettige praktyk kan aan die oortreding skuldig verklaar word, nieteenstaande dat die daad wat die oortreding uitmaak 'n onregmatige praktyk is, en iemand wat beskuldig staan van onwettige betaling of huur kan aan die oortreding skuldig verklaar word, nieteenstaande dat die daad wat die oortreding uitmaak 'n onregmatige of onwettige praktyk is.

Persone
beskuldig
van
onregmatige
praktyke
kan skuldig
bevind word
aan
onwettige
praktyk, ens.

HOOFTUK IX.

ANDERE OORTREDINGS.

89. 'n Ieder wat deur die presiderende amptenaar sal gelas word die stemkantoor kragtens die bepalings van artikel *nege-en-dertig* te verlaat en sal weier sulks te doen, sal skuldig wees aan 'n oortreding en blootstaan aan 'n boete van hoogstens tien ponde of by wanbetaling aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens een maand.

Persone
deur
presiderende
amptenaar
gelas stem-
kantoor te
verlaat.

90. 'n Ieder wat die verrigtings by 'n verkiesing onderbreek, belemmer of verstoer, sal skuldig wees aan 'n oortreding en blootstaan aan die strawwe genoem in die laasvoorafgaande artikel.

Belemmering
van
verkiesings.

91. (1) Ieder stemopnemer wat, nadat hy sy amp as sulks aanvaar het, opsetlik enige van die pligte welke hy kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie verplig is uit te voer verwaarloos of

Straf vir
nalatigheid
van stem-
opnemer,
ens.

**Ord. No. 4
van 1927.**

(d) dat die verkiesing, vir so ver die kandidaat betref, in alle andere opsigte vry was van onregmatige of onwettige praktyk ; dan sal die verkiesing van sulke kandidaat nie weens die oortredings in die beslissing vermeld van onwaarde wees nie, nog sal die kandidaat kragtens hierdie Ordonnansie onderwerp wees aan enige onbevoegdheid.

Bevoegdheid van hof 'n onskuldige handeling nie as onwettige praktyk aan te merk nie.

84. Indien dit aan die hof blyk dat 'n daad of versuim van 'n kandidaat by enige verkiesing, of van sy agent of van enig ander persoon, wat, as synde 'n betaling, aanstelling of kontrak in stryd met hierdie Ordonnansie, of synde andersins in stryd met enige van die bepalinge van hierdie Ordonnansie, onder hierdie artikel 'n onwettige praktyk, betaling of huur sou wees, is ontstaan deur onagsaamheid of toevallige misrekening, of deur een of andere redelike oorsaak van dergelyke aard, en in elk geval nie voortkwam uit gebrek aan goeie trou nie, en indien dit onder die omstandighede aan die hof billik voorkom dat die kandidaat, sy agent of ander persoon, of een of ander van hulle, nie sal onderwerp wees nie aan die gevolge deur hierdie Ordonnansie verbind aan die daad of versuim, kan die hof beslis dat die daad of versuim sal beskou word as 'n eksepsie op die bepalinge van hierdie Ordonnansie, wat hulle anders sou maak tot 'n onwettige praktyk, betaling of huur, en sulke kandidaat, agent of persoon sal dan nie onderwerp wees nie aan enige van die gevolge deur hierdie Ordonnansie aan die gesegde daad of versuim verbind.

DISKWALIFIKASIE VAN KIESERS.

Verbod tot stemming van persone skuldig aan onregmatige of onwettige praktyke, ens.

85. 'n Ieder wat skuldig is aan onregmatige of onwettige praktyk of aan onwettige betaling of huur by 'n verkiesing is by sulke verkiesing van stemming uitgesluit en indien enig sulke persoon stem, dan sal sy stem van onwaarde wees.

Verbod aan uitgeslote persone om te stem.

86. Aan 'n ieder wat weens veroordeling deur of die rapport van die hof, kragtens hierdie Ordonnansie of enige andere Wet wat dan van krag sal wees en betrekking het op onregmatige of onwettige praktyke onbevoeg geword is om by enige verkiesing te stem, is verbied by sulke verkiesing te stem, en indien sulke persoon stem sal sy stem van onwaarde wees.

BEPERKING VAN TYD VIR VERVOLGINGS.

Beperking van tyd vir vervolging weens oortreding.

87. (1) 'n Vervolging teen iemand weens die oortreding van onregmatige of onwettige praktyk of weens enige andere oortreding teen hierdie hoofstuk sal ingestel word binne ses maande nadat die oortreding begaan was of indien begaan was met

Mits dat niks in hierdie artikel toepaslik sal wees op enig deel van sulke gebou wat gewoonlik verhuur of gebruik word vir die doel van woonvertrekke, kantore of winkels of andere besigheidsplekke, of vir hou van publieke vergaderings indien sulke deel 'n afsonderlike ingang het van en geen verbinding met enig ander deel van die huis nie waarin bedwelmende drank of verversings verkoop of verstrekk word as voorsê.

81. Sonder afbreuk te doen aan die voorafgaande bepalings aangaande die oortreding van omkoperij—

(1) sal iemand skuldig aan die oortreding van onwettige betaling of huur by summere veroordeling blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyftig ponde; en by wanbetaling aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens drie maande;

(2) sal 'n kandidaat of 'n agent van 'n kandidaat wat persoonlik skuldig is aan die oortreding van onwettige betaling of huur, skuldig wees aan 'n onwettige praktyk.

Straf vir onwettige betaling van huur.

82. Geen aksie of geregtelike vervolging sal ontvanklik wees nie indien ingestel deur 'n gelisensieerde kantienhouer of enig eienaar of houer van enige winkel, kraam, tent of andere gemaklikheidsplek teen 'n kandidaat of 'n agent van enige sulke kandidaat vir enige drank, voedsel of verversing van enigerlei aard, hetsy vir mens of dier, aan sulke kandidaat of agent op krediet verstrekk gedurende hou van enige verkiesing kragtens hierdie Ordonnansie.

Aksies vir drank of verversing by verkiesings verstrekk nie ontvanklik nie.

VERONTSKULDIGINGS EN UITSONDERINGS VIR ONREGMATIGE OF ONWETTIGE PRAKTYKE OF ONWETTIGE BETALING VAN HUUR.

83. Indien die hof na die behandeling van 'n verkiesingspetisie beslis dat 'n kandidaat by sulke verkiesing deur sy agente is skuldig geword aan onthaal en onbehoorlike invloed uitoefen en onwettige praktyk of aan enige van sulke oortredings in verband met sulke verkiesing en dat die kandidaat verder bewys het—

Rapport wat kandidaat in sekere gevalle onthef van onwettige praktyk van agente.

(a) dat by die verkiesing deur die kandidaat self geen onregmatige of onwettige praktyk was begaan nie, en dat die oortreding in genoemde beslissing vermeld begaan was teen sy bevel en sonder sy toestemming of toelating;

(b) dat sulke kandidaat alle redelike maatreëls geneem het om onregmatige en onwettige praktyke by sulke verkiesing te voorkom;

(c) dat die oortredings in die beslissing genoem van 'n onbeduidende, onbelangrike en beperkte aard was; en

**Ord. No. 4
van 1927.**

'n tydperk van drie jare vanaf die datum van sulke beslissing, of enige regterlike betrekking of die amp van vrederegter kan beklee, en hy sal verder onderwerp wees aan dieselfde onbevoegdheid indien hy deur 'n bevoegde hof is skuldig bevind aan 'n onwettige praktyk.

ONWETTIGE BETALING EN HUUR.

Persones wat geld verskaf in stryd met hierdie Ordonnansie skuldig aan onwettige praktyk.

77. 'n Ieder wat voorbedagtelik geld verskaf vir 'n betaling wat in stryd is met die bepalinge van hierdie Ordonnansie, of vir vervanging van enig geld gespandeer aan sulke betaling, behalwe waar dit kragtens hierdie Ordonnansie as 'n uitsondering is toegelaat, sal skuldig wees aan onwettige betaling.

Onregmatige terugtrekking van 'n kandidatuur.

78. 'n Ieder wat onregmatig iemand beweeg of oorhaal sig as kandidaat by enige verkiesing terug te trek teen betaling of belofte van betaling en 'n ieder wat sig tengevolge van sulke beweegredes of oorhaling terugtrek, sal skuldig wees aan onwettige betaling.

Naam en adres van drukker of plakkate.

79. Ieder stroobiljet, aanplakbiljet, pamflet of ander drukwerk wat op 'n verkiesing betrekking het, sal aan die voorsy daarvan die naam en adres van die drukker en uitgewer daarvan dra, en 'n ieder wat enige sulke voorgesde drukwerk druk, uitgee of aanplak of laat druk, uitgee of aanplak waarop aan die voorsy die naam en adres van die drukker en uitgewer ontbreek sal, indien hy die kandidaat of die agent van die kandidaat is, skuldig wees aan 'n onwettige praktyk, en indien hy nie die kandidaat of die agent van die kandidaat is nie, sal hy skuldig wees aan onwettige betaling.

Gebruik van komiteekamer in gebou vir verkoop van bedwelmende drank of verversings sal onwettige huur wees.

80. Dit sal nie wettig wees nie te gebruik—

(a) enig gebou waar die verkoop in klein van enige bedwelmende drank deur 'n lisensie gemagtig is ;

(b) enig gebou waar enige bedwelmende drank verkoop of verstrekk word aan lede van 'n klub, vereniging of assosiasie ;

of enig deel van enig sulk gebou as 'n komiteekamer vir die doel om die verkiesing van 'n kandidaat by 'n verkiesing te bevorder of te verseker.

'n Ieder wat—

enig sulk gebou of enig deel daarvan vir 'n komiteekamer huur of gebruik ; of

sulk gebou of deel verhuur wetende dat dit bedoel was gebruik te word as 'n komiteekamer ;

sal skuldig wees aan onwettige huur.

leiding of bestuur van sulke verkiesing, geen g'olde betaal en geen onkoste beloop word nie bo die maksimum bedrag daarvoor in hierdie Ordonnansie bepaal.

**Ord. No. 4
van 1927.**

(2) Onderwerp aan sulke uitsondering as wat mag toegestaan wees kragtens hierdie Ordonnansie, sal geen vordering vir enige onkoste gemaak vir of in verband met die leiding of bestuur van 'n verkiesing betaal word in stryd met die bepalings van artikel *seven-en-vyftig* van hierdie Ordonnansie. Enig kandidaat of verkiesingsagent of enig ander persoon wat voorbedagtelik handel in stryd met hierdie artikel sal skuldig wees aan 'n onwettige praktyk; mits steeds dat nieteenstaande enigiets daarmee in stryd in artikel *ses-en-sewentig* van hierdie Ordonnansie, indien die hof op 'n verkiesingspetisie beslis dat deur 'n kandidaat bewys is dat sekere betaling deur 'n verkiesingsagent gedaan in stryd met hierdie subseksie gedaan was sonder toestemming of toelating van die kandidaat, die verkiesing van sulk kandidaat nie ongeldig sal wees nie, nog sal hy onderwerp wees aan enige onbevoegdheid kragtens hierdie Ordonnansie alleen omdat die betaling gedaan is in stryd met hierdie subseksie.

75. (1) Niemand sal met die doel die verkiesing van 'n kandidaat by enige verkiesing te bevorder of te verkry in diens geneem word of werksaam wees vir betaling of belofte van betaling vir enig doel of in welke hoedanigheid ook, behalwe vir die doeleindes van of in die hoedanighede genoem in hierdie Ordonnansie, of behalwe in so ver as betaling deur hierdie Ordonnansie gemagtig is.

Niemand sal werk verrig teen betaling, behalwe soos in hierdie Ordonnansie gemagtig.

(2) Behoudens sulke uitsondering as mag toegestaan word kragtens hierdie Ordonnansie, sal, indien iemand in diens geneem of gebruik word in stryd met hierdie artikel, hetsy voor, gedurende of na 'n verkiesing, die persoon wat hom in diens neem of gebruik skuldig wees aan 'n onwettige praktyk, en die persoon aldus in diens geneem of gebruik sal eweneens skuldig wees aan 'n onwettige praktyk indien hy geweet het dat hy in diens geneem of gebruik was in stryd met die wet.

76. Indien die hof, na behandeling van 'n verkiesingspetisie beslis dat bewys is dat by sulke verkiesing enige onwettige praktyk begaan is deur of met medewete en toestemming van enig kandidaat by sulke verkiesing of sy verkiesingsagent, sal die verkiesing van sulk kandidaat, indien hy verkies is, van onwaarde wees en hy sal nie kan verkies word as raadslid vir enige munisipaliteit nie vir

Straf vir toelaat van onwettige praktyke deur kandidaat.

**Ord. No. 4
van 1927.**

blootstaan aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens twee jare.

(3) Iemand wat skuldig bevind word aan kwaai praktyk sal, buite en behalwe die hiervoren bepaalde strawwe, gedurende vyf jare na die dag van sy veroordeling nie kan ingeskrewe word as kieser of verkies word as raadslid van enige munisipaliteit nie, en nie kan benoem word in enige regterlike betrekking of as vrederegter nie, en indien verkies as raadslid sal sy setel vakant wees vanaf die tyd van sulke veroordeling.

ONWETTIGE PRAKTYKE.

Stem deur onbevoegde persone en publikasie van valse verklarings van aftreding onwettig.

71. (1) Indien iemand stem of iemand anders bevoeg of aansit te stem by 'n verkiesing, wetende dat dat dit hom of sulk persoon deur hierdie of enige andere Ordonnansie verbied is te stem, of nie bevoeg is nie of opgehou het bevoeg te wees te stem by sulke verkiesing, dan sal hy skuldig wees aan 'n onwettige praktyk.

(2) 'n Ieder wat voor of tydens 'n verkiesing opsetlik 'n valse verklaring van die terugtrekking van 'n kandidaat by sulke verkiesing publiseer vir die doel die verkiesing van 'n ander kandidaat te bevorder of te bewerk, sal skuldig wees aan 'n onwettige praktyk.

Onwettige praktyk.

72. 'n Ieder wat te eniger tyd na die publikasie van die kennisgewing genoem in artikel *dertig* van hierdie Ordonnansie en voor die sluiting van die stemming genoem in artikel *een-en-dertig* enig dokument of geskrif of drukwerk publiseer of openbaar bekend maak of laat publiseer of openbaar laat bekend maak wat enige onware verklaring inhou, lasterlik vir enig kandidaat en bereken invloed uit te oefen op die stem van enig kieser, sal skuldig wees aan onwettige praktyk.

Straf by skuldig bevinding aan onwettige praktyk.

73. Iemand wat skuldig bevind word aan 'n onwettige praktyk, hetsy kragtens die laasvooraangaande artikels of kragtens die hierna genoemde bepalings, sal na summiere veroordeling blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyf-en-sewentig ponde of aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, en sal verder gedurende 'n tydperk van twee jare vanaf die datum van sy veroordeling nie as kieser kan ingeskrewe word nie of te stem by enige verkiesing gehou vir die kiesdistrik waarin die onwettige praktyk begaan was.

Geen onkoste toegestaan bo die maksimum in hierdie Ordonnansie bepaal nie.

74. (1) Onderwerp aan sulke uitsondering as wat mag toegestaan word kragtens hierdie Ordonnansie, sal deur 'n kandidaat by 'n verkiesing of sy verkiesingsagent of ander persoon, hetsy voor, gedurende of na 'n verkiesing, voor of met betrekking tot die

direk of indirek, geld betaal ten behoeve van enig kieser met die doel hom te bewege te stem of sig van stemming te onthou; en ieder persoon ten behoeve van wie en met wie sy medewete sulke oordrag, transport of betaling as in hierdie artikel vermeld, gedoen is, sal geag word skuldig te wees aan omkoperij; en

(10) Ieder kandidaat wat self of deur sy agent 'n vergadering van kiesers belê of hou in enig gebou gelisensieer vir die verkoop van drank kragtens die Dranklisensies Ordonnansie, 1902, en enige wysiging daarvan, sal skuldig geag word aan omkoperij; mits dat niks in hierdie subseksie van toepassing sal wees op enig deel van sulk gebou wat gewoonlik verhuur of gebruik word vir die doel van woonkamers of kantore, winkels of andere besigheidsplekke of hou van publieke vergaderings indien sulk deel 'n afsonderlike ingang het van en geen direkte verbinding met enig deel van die gebou waar bedwelmende drankte of verversings word verkoop of verstrekk.

68. 'n Ieder wat by 'n verkiesing 'n stembriefie aanvra op die naam van iemand anders, hetsy dat die naam is van 'n lewend of dood persoon of van 'n verdigte persoon, of wat reeds eenmaal by sulke verkiesing gestem het, by dieselfde verkiesing 'n stembriefie aanvra in sy eie naam, sal skuldig wees aan personasie.

Definiesie
van
personasie.

69. Indien die hof na die behandeling van 'n verkiesingspetisie beslis dat met betrekking tot sulke verkiesing kwaai praktyke uitgeoefen is deur of met medewete en toestemming van enig agent van 'n kandidaat by sulke verkiesing, dan sal die verkiesing van die kandidaat, indien hy verkies is, van nul en onwaarde wees; en indien sulke oortreding begaan is deur of met medewete en toestemming van die kandidaat of sy verkiesingsagent, dan sal, behalwe dat die verkiesing van onwaarde verklaar word, sulk kandidaat vir 'n tydperk van vyf jare nie verkiesbaar wees as raadslid nie vir enige munisipaliteit of nie benoembaar wees in enige regterlike betrekking of as vrederegter nie.

Straf vir
kandidaat
wat self of
deur sy
agent skuldig
is aan
kwaai
praktyk.

70. (1) Iemand wat sig skuldig maak aan andere kwaai praktyke so as personasie of medepligtigheid aan, raadgee by of bevorder van die oortreding van personasie, sal by skuldig bevinding blootstaan aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens twee jare of aan 'n boete van hoogstens vyfhonderd ponde.

Straf vir
iemand
skuldig aan
kwaai
praktyke.

(2) Iemand wat die oortreding van personasie begaan of medepligtigheid daaraan, raadgee by of bevorder van dié oortreding, sal by skuldig bevinding

Ord. No. 4
van 1927.

**Ord. No. 4
van 1927.**

Art. 67.

te verskaf enig amp, betrekking of werk, of enig voordeel, bevordering of verryking aan of vir enig kieser, of aan of vir iemand anders ten behoeve van enig kieser, of aan of vir 'n ander persoon, ten-einde enig sulk kieser te beweeg te stem of sig van stem te onthou, of op onregmatige wyse een van die voornoemde handelinge te verrig omdat 'n kieser by 'n verkiesing gestem het of sig van stem onthou het;

(4) 'n Ieder wat direk of indirek, self of deur sy agent, sulk 'n geskenk, lening, aanbod, belofte, bemiddeling of ooreenkoms as voorsê, doen of aangaan met iemand om hom te beweeg iemand se verkiesing as raadslid te bewerk of trag te bewerk, of om die stem van 'n kieser by 'n verkiesing te verskaf;

(5) 'n Ieder wat na of tengevolge van sulk 'n geskenk, lening, aanbod, belofte, bemiddeling of ooreenkoms beloftes aanneem of pogings aanwend om iemand se verkiesing as raadslid te bewerk, of die stem van 'n kieser te verskaf by 'n verkiesing;

(6) 'n Ieder wat geld voorskiet of betaal of laat betaal aan of vir die gebruik van iemand anders met die doel dat die geld of 'n gedeelte daarvan sal gebruik word vir omkoperij by 'n verkiesing, of wat desbewus aan iemand geld betaal of laat betaal as kwyting of terugbetaling van enig geld geheel of gedeeltelik vir omkoperij by 'n verkiesing besteed; mits steeds dat hierdie bepaling sig nie sal uitstrek nie tot, of toegepas word op gelde betaal of belowe te betaal vir enige wettige onkoste bona fide gemaak by of met betrekking tot 'n verkiesing;

(7) Ieder kieser wat voor of gedurende 'n verkiesing direk of indirek, self of deur sy agent, enig geld, geskenk, lening, of geldswaardige beloning, amp, betrekking of werk, vir sig self of vir iemand anders ontvang, aanneem of sig daartoe verbind, vir stem of vir 'n belofte om te stem, of vir onthouding van stemming of belofte om sig van stem by enige verkiesing te onthou;

(8) 'n Ieder wat na 'n verkiesing direk of indirek, self of deur sy agent, geld of geldswaardige beloning ontvang omdat iemand gestem het of sig van stemming onthou het, of omdat hy iemand anders oor-gehaal het te stem of sig by enige verkiesing van stemming te onthou;

(9) 'n Ieder wat, hetsy direk of indirek, self of deur sy agent, enig eiendom op onregmatige wyse oormaak of transporteer, of aan iemand geld betaal met die doel hom in staat te stel as 'n raadslid bevoeg te word of as kieser ingeskrewe te word, om daardeur by 'n latere verkiesing invloed te hê op sy stem, en ieder kandidaat of ander persoon wat, hetsy

enig vleis, drank, vermaaklikheid, losies of verskaffing aan of voor enig persoon vir die doel dié persoon of enig ander persoon bedrieglik oor te haal sy stem te gee aan of sy stem te onthou by die verkiesing, of omrede dat die persoon of iemand anders gestem het of sig van stem te onthou by sulke verkiesing, of sal stem of sig van stem sal onthou by sulke verkiesing; en

(2) Ieder kieser wat sig laat omkoop deur sulke kos of drank aan te neem of aanneem, of onthaal, losies of onderhoud; sal geag word skuldig te wees aan onthaal.

66. (1) Ieder wat, direk of indirek, self of deur iemand anders namens hom gebruik maak van, of dreig gebruik te maak van enige mag, geweld of dwang, of dreig enige saaklike of geestelike skade, nadeel of verlies aan iemand toe te bring hetsy elf of deur iemand anders, of aan iemand enig kwaad doen of dreig te doen om so iemand te beweeg of te dwing om te stem of sig van stem te onthou, of omdat so iemand gestem het of sig van stem onthou het by enige verkiesing; en

Definiesie
van
onbehoorlike
invloed.

(2) Ieder wat deur ontvoering, onwettige gevangehouding of op enige onregmatige wyse die vyfde uitoefening van die stemreg deur 'n kieser belemmer of belet, of enig kieser daardeur dwing, beweeg of oorhaal om sy stem by 'n verkiesing te gee of te onthou, sal geag word skuldig te wees aan onbehoorlike invloed.

67. (1) 'n Ieder wat direk of indirek, self of deur sy agent, gee, leen of belof te gee of te leen, of aanbied, belof of belof te verskaf of te trag te verskaf enig geld of geldswaardige beloning aan of vir 'n kieser, of aan of vir iemand anders te behoewe van enig kieser of aan of voor iemand anders, ten einde 'n kieser te beweeg te stem of sig van stem te onthou, of op onregmatige wyse een van die voornoemde handeling verrig omdat sulk 'n kieser by 'n verkiesing gestem het of sig van stem onthou het;

Definiesie
van
omkoperij.

(2) 'n Ieder wat direk of indirek, self of deur sy agent, gee, leen of belowe te gee of te leen, of aanbied, belowe, of belowe te verskaf of te trag te verskaf enig geld of geldswaardige beloning aan of vir 'n kieser of aan of vir iemand anders ten behoewe van 'n kieser, of aan of vir 'n ander persoon om voor of gedurende enige verkiesing deel te neem aan of aan te sluit by 'n optog;

(3) 'n Ieder wat direk of indirek, self of deur sy agent gee of verskaf, of belowe te gee of te verskaf, of aanbied, of belowe, of belowe te verskaf of te trag

**Ord. No. 4
van 1927.**

Ordonnansie omtrent 'n verkiesingsagent sal aangemerkt word eweneens betrekking te hê op die kandidaat wat optree in sy hoedanigheid van verkiesingsagent.

(3) Nie later as twaalf uur smiddags nie op die nominasiedag sal die volle naam en adres van die verkiesingsagent deur die kandidaat of iemand anders namens hom skriftelik aan die stemopnemer opgegee word en die stemopnemer sal onmiddellik van die naam en adres van iedere verkiesingsagent so opgegee kennis gee deur publikasie in 'n nuusblad wat in die munisipaliteit sirkuleer, en indien geen sulke skriftelike opgawe sal gedoen word as voorsê sal die kandidaat geag en aangesien word sy eie verkiesingsagent te wees, en hy kan geen verkiesingsagent meer aanstel in die sin van hierdie Ordonnansie nie.

(4) Daar sal slegs een verkiesingsagent vir elk kandidaat of enig aantal gesaamlike kandidate benoem word, dog die benoeming kan herroep word en in geval van sulke herroeping sal die kandidaat geag en aangesien word as sy eie verkiesingsagent tensy sulke herroeping plaas het op of voor die nominasiedag of minstens drie volle dae voor die dag bepaal vir die stemming, in welk geval die kandidaat onmiddellik op sulke herroeping in geskifte kan verklaar, in geen geval minder as drie volle dae voor die stemdag, afgelewer te word aan die stemopnemer, dat hy 'n andere verkiesingsagent benoem wie se naam en adres deur die stemopnemer sal bekend gemaak word deur publikasie in 'n nuusblad wat in die munisipaliteit sirkuleer.

(5) Die verkiesingsagent van 'n kandidaat sal iedere stemagent, kontroleur, klerk en bode wat teen betaling by 'n verkiesing in diens is ten behoeve van die kandidaat benoem, en sal iedere komiteekamer ten behoeve van sulke kandidaat huur.

HOOFTUK VIII.

ONREGMATIGE EN ONWETTIGE PRAKTYKE.

Definisie van onregmatige praktyke.

64. "Onregmatige praktyk" beteken enige van die volgende oortredings: onthaal, onbehoorlike invloed uitoefen, omkopery en personasie en medeplichtigheid daaraan, begaan van enige van sulke oortredings aan te moedig en te bewerk.

Definisie van onthaal.

65. (1) 'n Ieder wat persoonlik of deur enig ander persoon hetsy voor, gedurende of na 'n verkiesing direk of indirek gee of verstrek of betaal geheel of gedeeltelik die onkoste van verskaf of lewer van

verlof van die Hooggeregshof op petiesie ingedien kragtens artikel *twée-en-sestig* van hierdie Ordonnansie, ingestuur het.

Ord. No. 4
van 1927.

(2) Die stemopnemer sal in die magistratshof elke nie-geslaagde kandidaat vervolg wat versuim het die genoemde staat in te dien, en die genoemde kandidaat sal blootstaan aan 'n boete van vyftig ponde, en by wanbetaling aan gevangenisstraf vir 'n tydperk van een maand, tensy die magistraat oortuig is dat sy versuim die genoemde staat in te dien ontstaan is deur siekte, onagsaamheid of enige redelike oorsaak van 'n soortgelike aard en nie deur gebrek aan goeie trou nie.

61. Indien op petiesie aan die Hooggeregshof teen die verkiesing van 'n kandidaat sal bewys word dat die staat vereis in artikel *ag-en-vyftig* nie behoorlik ingedien is nie of indien verkiesingskoste sal bewys word vir andere sake as die volgens artikel *vier-en-vyftig* geoorloof is, of meer as volgens artikel *vyf-en-vyftig* geoorloof is, sal die verkiesing nietig verklaar word tensy die kandidaat ten genoewe van die hof sal bewys dat sulke koste nog direk nog indirek deur hom of deur iemand anders of sy agent of verteenwoordiger gemaak is, of dat hy nog direk nog indirek die koste op enigerlei wyse toegestaan, aangemoedig of goedgekeur het.

Kandidaat
moet bewys
geen
onwettige
koste
gemaak te
hê nie.

62. Nietenstaande enigets vervat in die laasvooraangaande artikel, mag die hof, indien enig kandidaat voor die Hooggeregshof bewys dat sy versuim 'n staat of betaalbewys in te dien soos vereis deur artikel *ag-en-vyftig* ontstaan is weens siekte of onagsaamheid of enige redelike oorsaak van dergelike aard en nie deur gebrek aan goeie trou nie; of dat enige fout, weglating of valse verklaring in die staat of betaalbewyse ingedien op soortgelike wyse ontstaan is, die indiening van die staat of betaalbewyse toestaan of van 'n nuwe staat of betaalbewyse of die wysiging van ingediende staat of betaalbewyse, en mag die kandidaat van alle verantwoordelikheid in die saak vryspreek.

Versuim
state in te
dien.

63. (1) Nie later as twaalf uur smiddags nie op die nominasiedag by 'n verkiesing, sal deur of namens elk kandidaat iemand benoem word as sy agent vir sulke verkiesing, in hierdie Ordonnansie die verkiesingsagent genoem.

Verkiesings-
agent.

(2) 'n Kandidaat kan sigself as verkiesingsagent benoem en sal dan, so ver die omstandighede dit veroorloof, aan die bepalings van hierdie Ordonnansie onderwerp wees, so wel as kandidaat en as verkiesingsagent, en alle verwysing in hierdie

**Ord. No. 4
van 1927.**

(8) Indien bewys gelewer word ten genoeg van die hof, kan die hof, op versoek van eiser of van die kandidaat of sy verkiesingsagent, by order verlof verleen vir die betaling deur 'n kandidaat of sy verkiesingsagent van 'n betwiste vordering of van 'n vordering vir enige sulke voornoemde koste ofskoon ingedien na die tyd in hierdie artikel genoem vir insending van vorderinge of al was die vordering gestuur aan die kandidaat en nie aan die verkiesingsagent nie.

(9) Enige som genoem in die verloforder kan deur die kandidaat of sy verkiesingsagent betaal word, en wanneer betaal kragtens sulke verlof, sal hy geag word betaal te wees binne die tyd deur hierdie Ordonnansie bepaal.

State.

58. Binne veertig dae nadat die uitslag van enige verkiesing verklaar is, sal ieder kandidaat by sulke verkiesing en in die geval van gesaamlike kandidate, te saam, voor 'n vrederegter of 'n kommissaris van ede en by die stemopnemer, en 'n juiste opgawe van sy verkiesingskoste invul in die vorm vermeld in die hierby gevoegde Vyfde Skedule inlewer wat aantoon:—

(a) Al die gelde verstrek vir verkiesingskoste kragtens artikel *ses-en-veftig* ;

(b) al die betalings gemaak, gestaaf deur rekeninge en kwitansies hierna betaalbewyse genoem ;

(c) al die betwiste en onbetaalde vorderinge.

Publikasie
en ter
insae lê van
state.

59. Die stemopnemer by 'n verkiesing sal, wat betref alle state en betaalbewyse ingelewer kragtens hierdie hoofstuk—

(1) onmiddellik in die *Prowinsiale Koerant* besonderhede publiseer van die totale bedrag van die verkiesingskoste van die kandidaat gerangskik onder die hoofde van die paragafe in artikel *vier-en-veftig* ;

(2) die state en betaalbewyse gedurende drie maande na ontvangs op redelike tyde kosteloos ter insage lê vir die publiek ;

(3) gedurende dieselfde tydperk afskrifte of uittreksels van die state en betaalbewyse verstrek teen ses pennies per bladsy van twee-en-sewentig woorde.

Versuim
staat van
verkiesings-
koste in te
dien.

60. (1) 'n Kandidaat verklaar verkies te wees kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie, wat versuim binne die tydperk voorgeskrewe in artikel *ag-en-veftig* hiervan die opgawe in te dien vereis deur die genoemde artikel sal, na verloop van die tydperk geen sitting neem of stem as 'n stadsraadslid nie totdat hy die genoemde staat met

56. Alle gelde deur iemand anders as die kandidaat verskaf vir enige verkiesingskoste sal direk aan die kandidaat persoonlik betaal word.

Betalings
aan die
kandidate.

**Ord. No. 4
van 1927.**

57. (1) Iedere betaling gemaak deur 'n verkiesingsagent, hetsy deur homself of 'n subagent, aan onkoste beloop vir of in verband met die leiding of reëling van 'n verkiesing sal, tensy 'n rekening in die geheel minder bedra as veertig sielings, gestaaf word deur 'n opgawe van al die besonderhede en deur 'n kwitansie.

Indiening
en betaling
van
vorderings
vir
verkie-
sings-
koste.

(2) Iedere vordering by 'n verkiesing teen 'n kandidaat of sy verkiesingsagent weens koste gemaak ten behoeve van of in verband met die leiding of reëling van sulke verkiesing, wat nie aan die verkiesingsagent gestuur word binne die tyd deur hierdie Ordonnansie bepaal nie, sal uigesluit en nie betaal word nie.

(3) Behalwe as deur hierdie Ordonnansie toegestaan sal die tydsgrens deur hierdie Ordonnansie bepaal vir instuur van vorderinge een-en-twintig dae wees na die dag waarop die kandidate verklaar word verkies te wees.

(4) Alle onkoste deur of ten behoeve van 'n kandidaat by 'n verkiesing gemaak vir of in verband met die leiding of reëling van sulke verkiesing, sal betaal word binne die tyd deur hierdie Ordonnansie bepaal, en nie anders nie.

(5) Behalwe soas deur hierdie Ordonnansie is toegestaan sal die tyd deur hierdie Ordonnansie bepaal vir die betaling van sulke van die voornoemde onkoste dertig dae wees na die dag waarop die verkiesde kandidate verklaar word verkies te wees.

(6) Indien die verkiesingsagent 'n vordering aan hom ingedien binne die tyd deur hierdie Ordonnansie bepaal, betwis of weier of in gebreke bly te betaal binne die genoemde tydperk van dertig dae dan sal sulke vordering geag word 'n betwiste vordering te wees.

(7) Die eiser kan, indien hom dit goeddink, by 'n bevoegde hof 'n aksie instel vir 'n betwiste vordering en enige som deur die kandidaat of sy agent betaal tengevolge van 'n vonnis of order van sulk hof sal geag word betaal te wees binne die tyd deur hierdie Ordonnansie bepaal, en 'n vrystelling te wees van die bepaling van hierdie Ordonnansie waarby voldoening word voorgeskrewe van vorderinge deur die verkiesingsagent; mits dat vir die doeleindes van hierdie subseksie "bevoegd hof" "magistraats-hof" sal insluit.

Ord. No. 4
van 1927.

Bedrag aan
uitgawe
toegestaan.

55. Verkiegingsonkoste in verband met enige verkiesing bo die volgende skale sal nie erken word nie :—

- (1) Vir elk kandidaat eenhonderd ponde, en 'n verdere twee ponde vir iedere eenhonderd ingeskrewe kiesers bo vyfhonderd.
- (2) Waar daar twee of meer gesaamlike kandidate is by 'n verkiesing—
 - (a) vir enig enkel van sulke kandidate die volle bedrag genoem in subseksie (1) ;
 - (b) vir elk van die owerige gesaamlike kandidate een-vierde van die bedrag genoem in subseksie (1).

Waar dieselfde verkiesingsagent aangestel is deur of namens twee of meer kandidate by 'n verkiesing, of waar twee of meer kandidate onderling of enige agent of agente dieselfde komiteekamer huur of gebruik vir sulke verkiesing en gebruik maak van die dienste van dieselfde klerke, bodes of stemagente by sulke verkiesing of 'n gesaamlik adres of gesaamlike sirkulêre publiseer by sulke verkiesing, sal dié kandidate vir die doel van hierdie bepaling geag word gesaamlike kandidate by sulke verkiesing te wees ; mits dat—

- (i) die aanhouding en gebruik van dieselfde komiteekamer, klerk, bode of stemagent, indien toevallig en van 'n onbeduidende en onbelangrike aard, op sigself nie sal geag word persone tot gesaamlike kandidate te maak nie ;
- (ii) niks in hierdie Ordonnansie kandidate sal belet op te hou gesaamlike kandidate te wees ;
- (iii) waar enige uitgawe vir een van twee of meer gesaamlike kandidate die geoorloofde maksimum oorskry het deurdat hy het opgehou 'n gesaamlike kandidaat te wees of deurdat hy met andere gesaamlike kandidate geword is nadat hy begin was sy verkiesing as 'n afsonderlike kandidaat te lei, en dat sulk ophou of begin te goeder trou was en dat die maksimum nie meer is as onder die omstandighede redelik is nie, en die totale uitgawe van sulk kandidaat nie die maksimum bedrag toegestaan vir 'n afsonderlike kandidaat oortref nie, dan sal sulke oorskryding geag word deur 'n redelike oorsaak ontstaan te wees in die sin van die bepalings omtrent die toelating deur die hof van 'n afwyking van die bepalings van hierdie Ordonnansie, wat anders 'n handeling sôu uitmaak tot 'n onwettige praktyk, en die kandidaat en sy verkiesingsagent kan dienooreenkomstig onthef word van die gevolg deur sulke onkoste oorskry te hê.

51. Die Administrateur sal bevoeg wees van tyd tot tyd instruksies uit te vaardig en regulasies te maak vir die doel van doelmatiger toepassing van die bepalings van hierdie Ordonnansie ten opsigte van die verrigtings vir verkiesing deur stemming, mits dat sulke instruksies en regulasies nie in stryd is met die bepalings daarvan nie.

Die Administrateur mag regulasies maak en instruksies uitvaardig.

Ord. No. 4
van 1927.

52. Geen verkiesing sal ongeldig verklaar word nie ter oorsake van enige fout of nie-voldoening aan die bepalings van hierdie Ordonnansie indien dit die hof wat met die kwessie bekend is blyk dat die verkiesing gehou was volgens die beginsel in hierdie Ordonnansie neergelê en dat sulke fout of nie-voldoening van geen invloed op die uitslag van die verkiesing was nie.

Onbelangrike foute nie van invloed op die geldigheid van verkiesings nie.

HOOFSTUK VII.

VERKIESINGSONKOSTE.

53. "Verkiesingsonkoste" sluit in hierdie en die eersvolgende hoofstuk alle gelde in gespandeer of uitgawe beloop deur of namens enig kandidaat of in verband met enige verkiesing.

Verkiesingsonkoste.

54. Geen verkiesingsonkoste sal erken word behalwe in die volgende gevalle nie:—

Uitgawe toegestaan.

- (1) Aankoop van verkiesingslyste.
- (2) Druk, adverteer, publiseer, uitgee en uitdeel van pamflette deur die kandidate, aanplakbiljetten en andere gedrukte stukke waarin die steun van kiesers gevra word en kennisgewings van vergaderings.
- (3) Skryfbehoeftes, boodskappe, porto's en telegramme.
- (4) Een komiteekamer vir elk stemkantoor.
- (5) Publieke vergaderings en sale daarvoor.
- (6) Ondersoekers.
- (7) Een verkiesingsagent vir elke kandidaat of vir enig aantal gesaamlike kandidate.
- (8) Een stemagent by elk stemkantoor en nie meer nie.
- (9) Een klerk en een bode vir verrigting van werksaamhede in sulke komiteekamer en die huur van een telefoon en een skryfmasjien vir elke komiteekamer.
- (10) Die redelike en werklik persoonlike onkoste van die kandidaat wat hoogstens vyftig ponde sal bedra.
- (11) Huur van voertuie.

**Ord. No. 4
van 1927.**

Watter
stembriefies
verwerp sal
word.

finale wees onderwerp aan hersiening op aanvraag aan of aksie in die Hooggeregshof vraende dat die verkiesing ongeldig verklaar word.

47. Die stemopnemer sal enige stembriefies verwerp en nie meetel nie wat—

- (a) die offisiële merk nie dra nie ;
- (b) stemme toeken aan meer kandidate as waartoe die kieser tot stem geregtig is ;
- (c) voorsien is van enig geskrif of merk waardeur 'n kieser kan erken word op andere wyse as in hierdie Ordonnansie voorgeskrywe is ;
- (d) ongemerk of van onwaarde is weens onsekerheid ;
- (e) teruggegee is kragtens artikel *negen-en-dertig* van hierdie Ordonnansie.

Merk van
stembriefies
wat verwerp
is.

48. Die stemopnemer sal enig stembriefie wat hy as ongeldig mag verwerp met "verwerp" endosseer en sal aan die endossement "teen verwerping beswaar gemaak" toevoeg indien werklik 'n beswaar gemaak word deur of namens enig kandidaat teen sy beslissing.

Verseël van
dokumente
deur stem-
opnemer.

49. Die stemopnemer sal onmiddellik na die verklaring van die stemming die getelde en verwerpe stembriefies in afsonderlike pakkette pak. Hy sal geen verseëlde pakket of oorhandigde stembriefies of gemerkte eksemplaar van die kieserslys en teinblade oop nie, dog sal in teenwoordigheid van sulke agente van die kandidate wat aanwesig is oorgaan tot op nuut verseël na ondersoek van elk van die verseëlde pakkette deur hom van die presiderende amptenare ontvang. Al die pakkette as voorsê tesaam met 'n sertifikaat vermeldende die name van die raadslede wat as verkies verklaar is, sal tesaam in een verseëlde pakket verpak en aan die stadsklerk afgelewer word, wat sulk verseëlde pakket vir ses maande veilig sal bewaar na verloop waarvan die genoemde pakket en alle dokumente daarin vervat in teenwoordigheid van twee raadslede sal vernietig word.

Verseëlde
dokumente
ongeoop
te bly.

50. Geen van die voorgesde verseëlde pakkette sal geoop word nie gedurende die genoemde tydperk van ses maande tensy op las van die Hooggeregshof of enig regter daarvan ; en indien enig persoon in stryd met die bepalings hiervan opsetlik die seël sal verbreek of enig sulk pakket sal oop, sal hy by veroordeling blootstaan aan 'n straf van vyftig ponde of aan gevangenisstraf, met of sonder harde arbeid, vir 'n tydperk van hoogstens drie maande, en by versuim die boete te betaal aan 'n verder tydperk van gevangenisstraf vir drie maande.

gewerp word nie, dog sal oorhandig word aan die presiderende amptenaar vir die doel benoem en deur hom ge-endosseer word met die naam van die kieser en sy nommer op die kieserslys, en opgebêre word in 'n afsonderlike pakket, en sal deur die stemopnemer nie meegetel word nie en die naam van die kieser en sy nommer op die lys sal genoteer word op 'n lys, in hierdie Ordonnansie die "Lys van oorhandigde stembriefies" genoem.

**Ord. No. 4
van 1927.**

45. Sodra moontlik na afloop van die stemming sal die presiderende amptenaar, in teenwoordigheid van sulke agente van die kandidate as wat aanwesig is, in afsonderlike pakkette, geseël met sy eie seël en die seëls van sulke agente van die kandidate wat wens hulle seëls aan te bring—

Verseël van
stembusse.

- (1) elke stembus aan hom ongeoop toevertrou, dog met die sleutel daaraan geheg ;
- (2) die nie-gebruikte en bedorwe stembriefies bymekaar gepak ;
- (3) die oorhandigde stembriefies ;
- (4) die gemerkte eksemplare van die kieserslys en die teënblaai van die stembriefies ;
- (5) die lys van oorhandigde stemme en die lys van stemme deur hom gemerk as presiderende amptenaar en 'n staat van die aantal kiesers wie se stemme aldus gemerk is ;

en sal sulke pakkette aan die stemopnemer oorhandig.

By die pakkette sal 'n staat gevoeg wees opgemerk deur elke presiderende amptenaar vermeldende die aantal stembriefies aan hom toevertrou en daarvoor verantwoord onder die hoofde "stembriefies" in die stembus "ongebruik," "bedorwe" en "oorhandigde stembriefies."

46. Die stemopnemer sal op ontvangs van die voornoemde pakkette van sulke presiderende amptenaar die pakkette onder sy beheer neem en sal in teenwoordigheid alleen van sulke kandidate en sulke agente van die kandidate as teenwoordig mag wees (nie meer as twee agente vir elke kandidaat nie) die stembusse oop en die uitslag van die stemming nagaan deur die stemme op elk kandidaat uitgebring te tel en sal die kandidaat of kandidate wat verkies is kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie verklaar na gelang van die vakatures wat moet aangevul word. In die geval dat die aantal stemme vir enige twee of meer kandidate bevind word gelyk te wees wat algar nie as verkies kan verklaar word om 'n gewone of toevallige vakature, na gelang van omstandighede, op die Raad aan te vul nie, sal die stemopnemer onmiddellik deur loting die verkiesing beslis. Die beslissing van die stemopnemer sal

Verklaring
van
stemming.

**Ord. No. 4
van 1927.**

skryftafel gaan vir die doel bestem en aandui vir wie hy wens te stem, deur onmerkbaar 'n kruis te plaas teenoor die naam van iedere kandidaat wat hy wens dat verkies word, nie meer as die aantal by sulke verkiesing verkies te word nie. Hy sal daarop die stembriefie so opvou dat die geperforeerde stempel sigbaar is en na die stembriefie opgevou te hê so dat die stemopnemer die geperforeerde merk kan sien, die stembriefie in die stembus werp in front van die stembeampte geplaas.

(c) indien die kieser op die stembriefie of sy naam sou teken of enig merk maak of enig woord daarop skryf waardeur hy herkenbaar kan word, dan sal sulke stembriefie blanko beskou en nie in aanmerking geneem word nie.

Bedorwe
stembriefies.

42. Indien 'n kieser onopsetlik 'n stembriefie bederf dan kan hy dit aan die presiderende amptenaar terug gee, wat, indien hy van sulke onopsetlike bederf oortuig is, hom 'n ander briefie sal gee en die bedorwe briefie sal onmiddellik gekanseleer en daarop vermeld word die woorde "Teruggegeë kragtens artikel twee-en-veertig van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie" en van die feit van sulke kanselasie sal op die teënblad melding gemaak word.

Kiesers wat
deur blind-
heid of
andere lig-
gaamlike
oorsaak
onbekwaam
is.

43. Op versoek van enig kieser wat nie kan lees nie of wat weens blindheid of andere liggaamlike gebrek onbekwaam is te stem op die wyse deur hierdie Ordonnansie voorgeskrewe sal enig presiderende amptenaar in teenwoordigheid van sulke agente van die kandidate as wat mag teenwoordig wees die stem of stemme van sulke kieser op die stembriefie of stembriefies laat merk op die wyse soas deur die kieser verlang en die stembriefie of stembriefies in die stembus laat werp, en die naam en nommer op die kieserslys van ieder kieser wie se stem gemerk is kragtens die bepalings van hierdie artikel en die redes waarom dit so gemerk is, sal opgeskrewe word op 'n lys wat in hierdie Ordonnansie die "lys van stemme gemerk deur die presiderende amptenaar" sal genoem word.

Stembriefies.

44. Indien iemand wat beweer 'n sekere kieser te wees vra om 'n stembriefie nadat iemand anders gestem het as sulke kieser, sal die applikant, by behoorlike beantwoording van die vrae deur hierdie Ordonnansie toegestaan gestel te word aan kiesers ten tyde van die stemming, geregtig wees 'n stembriefie te merk op dieselfde wyse as enige andere kieser, dog die stembriefie (hierna 'n oorhandigde stembriefie genoem te word) sal nie in die stembus

39. Ieder kieser wat sy stem kom uitbring sal sonder onnodig versuim stem en ieder kieser wat onnodig die uitbrenging van sy stem uitstel, kan, tensy hy terstond tot stemming sal oorgaan wanneer daartoe deur die presiderende amptenaar aangesoek, deur die presiderende amptenaar verplig word enig stembriefie wat hy mag ontvang het aan hom te oorhandig en uit die stemkantoor verwyder te word op die instruksie van die presiderende amptenaar. Sulk kieser sal nie geregtig wees by die verkiesing te stem nie, dog sulk stembriefie sal aangemerk word as 'n bedorwe briefie kragtens artikkel *twee-en-veertig* hiervan en die presiderende amptenaar sal op sulk stembriefie die woorde " Teruggegee kragtens artikkel *nege-en-dertig* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie " vermeld.

Kieser by die stembus sonder versuim te stem.

Ord. No. 4 van 1927.

40. Ieder kieser sal so veel stemme hê as daar kandidate is verkies te word vir die wyk waarin hy as kieser ingeskrewe is, en sulk kieser sal verplig wees 'n stem uit te bring op minstens een van sulke kandidate. Indien enig kieser op sy stembriefie meer as een stem op enig kandidaat sou uitbring, dan sal sulke stemme slegs as een stem aangemerk en getel word.

Aantal stemme deur kieser uitgebring te word.

41. Die stemming by alle verkiesings gehou kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie sal per stembriefie wees wat in hoofsaak en so veel moontlik in alle belangryke besonderhede toegaan as volg :—

Wyse van stem.

(a) Die presiderende amptenaar of enig stem-beampte by die stembus in elke wyk of stem-distrik, na gelang van omstandighede, sal sig vergewis dat die persoon wat kom stem 'n kieser is ingeskrewe op die kieserslys vir die wyk of stemdistrik, en sal, na sig oortuig te hê dat sulk persoon aldus ingeskrewe is en sy nommer op sulke lys vermeld is sy nommer op die teenblad in die stembriefiesboek noteer en sal daarop die stembriefie uitskeur wat met sulke teenblad ooreenkom en na dit gestempel te hê met 'n perforeerstempel vir die doel bestem, aan die kieser ter hand stel. En ieder stembriefie sal wees in die vorm omskrewe in die Vierde Skedule tot hierdie Ordonnansie met sulke gedrukte instruksies as die Raad sal goedkeur ;

(b) wanneer die kieser sulk stembriefie sal ontvang hê, waarop in alfabetiese volgorde die name sal gedruk wees van al die by sulke verkiesing behoorlik genomineerde kandidate, sal hy met dit briefie na die kompartement en

Ord. No. 4
van 1927.

Presiderende
amptenaar.

34. Die presiderende amptenaar en andere be-
amptes by die stembus, sal daarby orde hou, die
aantal kiesers bepaal wat tegelyk sal toegelaat
word en alle andere persone buite hou behalwe die
stemopnemer, die klerke, die kandidate, die agente
van die kandidate en die diensdoende konstabels.

In geval
kandidaat
sig wens
terug te
trek.

35. Indien 'n kandidaat vir verkiesing genomineer
sig van die kandidatuur wens terug te trek nadat
'n stemdag bepaal is sal hy nie later as twaalf uur
smiddags op die vierde dag voor die stemdag 'n
kennisgewing van sy terugtrekking teken en aan
die stemopnemer doen toekom wat, by ontvangs
van sulke kennisgewing, indien die aantal kandi-
date deur sulke terugtrekking verminder is tot die
aantal persone by sulke verkiesing verkies te word,
sal verklaar dat die owerige kandidate op die dag
behoorlik verkies is en indien die genoemde aantal
nie aldus verminder word nie dan sal hy die naam
van die persoon wat sig teruggetrek het op die lys
van kandidate skrap en sulk persoon sal by sulke
verkiesing nie verkiesbaar wees nie. Indien die
aantal kandidate deur sulke terugtrekking verminder
is tot benede die aantal persone verkies te word,
sal die bepalings van artikel *twee-en-dertig* van
hierdie Ordonnansie *mutatis mutandis* van toepas-
sing wees.

Agente van
kandidate.

36. Ieder kandidaat mag, indien hy dit wil, skrifte-
lik onder sy hand 'n persoon benoem om hom by
die stembus te verteenwoordig, om toe te sien dat
die stemming billik plaas het en mag ook skriftelik
nie meer as twee agente nie benoem om hom te
verteenwoordig by tel van die stemme deur die
stemopnemer.

Ondersoek
omtrent
stemreg.

37. By enige verkiesing sal geen ondersoek inge-
stel word nie na iemand se reg om te stem behalwe
dat die stemopnemer aan ieder kieser die volgende
vrae sal stel:—

(1) Is jy die persoon wie se naam voorkom
as A.B. op die kieserslys van hierdie wyk ?

(2) Het jy by hierdie verkiesing reeds gestem in
die hoedanigheid waarin jy nou wens te stem ?

En niemand wat sal weier op enige sulke vrae te
antwoord of wat die eerste van sulke vrae nie be-
vestigend beantwoord nie en die tweede van sulke
vrae nie volstrek ontkenkend sal beantwoord sal toe-
gelaat word te stem nie.

Straf vir
valse
antwoorde.

38. Enig persoon wat opsetlik 'n vals antwoord
sal gee op enige van hierdie vrae sal blootstaan aan
'n straf van hoogstens vyftig ponde invorderbaar in
die magistraatshof, of by wanbetaling aan gevange-
nisstraf vir 'n tyd van hoogstens drie maande.

of die oorblywende vakatures beskou word as toevallige vakatures wat sal aangevul word ooreenkomstig die bepalings van artikel *sewen-en-twintig* hiervan.

(b) Indien nadat verdere nominasies gevra is ter aanvulling van sulke toevallige vakatures geen nominasies inkom of dat minder nominasies inkom as die aantal vakatures wat moet aangevul word, sal die Administrateur geregtig wees enig behoorlik bevoegd persoon of persone te benoem tot lid of lede van die Raad om die benodigde aantal lede voltallig te maak.

(c) Indien, nadat die stembag vasgestel is vir 'n verkiesing in enige wyk, enig behoorlik daarby genomineerde kandidaat sal sterf voordat met die stemming is aangevang, dan sal die stemopnemer, na oortuig te wees van die feit van sy oorlyde, vir sover die wyk betref die kennisgewing waarby die stembag bepaal word intrek, en al die verrigtinge met betrekking tot die genoemde verkiesing sal weer opnuut begin op presies dieselfde wyse as of 'n toevallige vakature ontstaan was; mits dat geen nuwe nominasie sal nodig wees nie in die geval van 'n kandidaat wat behoorlik genomineer was ten tyde waarop die gesegde kennisgewing was ingetrek.

HOOFTUK VI.

DIE STEMMING.

33. Vir die doel van enige verkiesing sal daar op een of ander gemaklike plek binne elke wyk een stemkantoor wees, of indien sulke wyke verdeel is in stembdistrikte sal daar een stemkantoor binne elk stembdistrik wees. Deur die stemopnemer sal in een of meer nuusblade wat in die distrik sirkuleer en ook deur aanplakking op die munisipale kennisgewingbord of die publieke deur van die stadskantoor kennis gegee word waar die stemkantore sal wees.

Die stemopnemer sal vir alle verkiesings voorsien in sulke kompartemente, skryftafels, stembusse, stembriefies, stempels, eksemplare van register van kiesers en andere dinge; presiderende amptenare en stembeampes benoem, en sulke andere handelingte en sake verrig en sulke reëlings maak om die stemming te vergemakkelik as hy mag dienstig ag vir die doelmatige leiding van die stemming; en alles wat deur die stemopnemer gedoen word sal geskied op koste van die Raad en sal uit die fondse van die munisipaliteit betaal word.

Verkiesings
reëlings.

Ord. No. 4
van 1927.

Kennisgewing
van
nominasie.

30. Die stadsklerk, of sulk ander persoon as die Administrateur sal benoem, sal minstens een-en-twintig dae voor enige verkiesing van 'n raadslid of raadsele 'n kennisgewing van sulke verkiesing in een of meer nuusblade wat in die munisipaliteit sirkuleer, publiseer, en sal in sulke kennisgewing 'n dag opgee wat nie minder is as tien of meer as veertien dae nie van die datum van uitgifte van sulke kennisgewing as die nominasiedag en sal die bepaalde wyk of wyke opgee waarvoor die verkiesing sal gehou word en sal van al die kandidate by sulke verkiesing vorder op die hierna genoemde wyse genomineer te word.

Wyse van
nominasie
en kennis-
gewing van
verkiesing.

31. (a) Niemand sal 'n kandidaat wees by enige verkiesing of bevoeg wees om as raadslid verkies te word vir enige wyk van 'n munisipaliteit tensy hy 'n rekwisiesie sal ontvang het geteken deur minstens vyf-en-twintig geregistreerde kiesers vir sulke wyk en sulke rekwisiesie met sy aanname daarvan gegee onder sy eie hand of die van sy behoorlik bevoegde agent sal afgegee of laat afgegee het aan die persoon wat nominasies vra nie later as twaalf uur smiddags nie op die dag bepaal vir die in ontvangsname daarvan.

(b) Indien die aantal kandidate vir enige wyk wat genomineer is as voorsê nie meer is as die aantal raadsele verkies te word vir sulke wyk nie, sal sulke kandidate geag en beskou word verkies te wees op die nominasiedag.

(c) In die geval dat die aantal nominasies vir enige wyk meer is as die aantal raadsele vir sulke wyk verkies te word, sal die stadsklerk of ander persoon deur die stemopnemer benoem as voorsê onmiddellik 'n kennisgewing laat publiseer in een of meer nuusblade wat in die munisipaliteit sirkuleer met vermelding van die name van die genomineerde kandidate; die dag waarop 'n stemming sal plaas hê vir die verkiesing, nie minder te wees as ses dae of meer as veertien dae nie vanaf die datum van sulke kennisgewing waarby nominasies gevra word, die aantal vakatures wat moet aangevul word, en die plekke waar die stemming sal gehou word. En die stemming sal dienoreenkomstig gehou word en sal aanvang om 8 uur v.m. en sluit om 9 uur n.m.

Toevallige
vakatures in
sekere
omstandig-
hede.

32. (a) Indien daar geen nominasies ingekom het nie, of indien die aantal kandidate geag verkies te wees in terme van subseksie (b) van artikel een-en-dertig hiervan minder sal wees as die aantal vakatures wat moet aangevul word, sal die vakatures

aangevul kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie voor die datum nie waarop sulke raadslid volgens die gewone loop sou afgetree het, sal sulke vakature geag word geen toevallige vakature te wees nie, dog 'n vakature te wees ontstaan deur die aftreding van sulke raadslid tengevolge van afloop van die tydperk waarvoor hy verkies was.

(2) Wanneer en so dikwels as in die Raad 'n toevallige vakature ontstaan, sal die raadslid verkies te word ter aanvulling van sulke vakature verkies word op die wyse voorgeskrewe vir die verkiesing van kandidate by die jaarlikse verkiesing; dog indien sulke vakature sal ontstaan binne drie maande voor die eersvolgende jaarlikse verkiesing dan sal die vakature nie aangevul word deur 'n spesiale verkiesing nie dog sal bly bestaan totdat die jaarlikse verkiesing van raadslede kragtens hierdie Ordonnansie gehou word; mits steeds dat sulke vakatures nie meer as drie in aantal is nie, in welk geval hulle sal aangevul word by 'n spesiale verkiesing vir die doel gehou, en mits verder dat geen toevallige vakature sal aangevul word by enige jaarlikse verkiesing nie, tensy sulke toevallige vakature is ontstaan voor die eerste publikasie van die kennisgewing genoem in artikel *dertig* van hierdie Ordonnansie.

28. Van die ontstaan van enige toevallige vakature in die Raad waarvan deur die burgemeester geen verklaring behoef gedoen te word nie op 'n vergadering van die Raad kragtens die bepalings van artikel *sewe* van hierdie Ordonnansie sal deur die stadsklerk sonder versuim kennis gegee word deur 'n aankondiging deur hom geteken en op 'n in die oog lopende plek aangeplak in die munisipale kantore en enige toevallige vakature sal geag word te ontstaan op die datum waarop sulke vakature deur die burgemeester verklaar word kragtens die genoemde artikel of deur die stadsklerk bekend gemaak kragtens hierdie artikel.

Kennisgewing
van
aftreding
uit amp
deur
raadslid.

29. Die stadsklerk, of sulke ander persoon as die Administrateur sal benoem, sal die stemopnemer wees by alle munisipale verkiesings en alle sulke verkiesings sal in teenwoordigheid van sulke stemopnemer gehou word; mits steeds dat geen kandidaat vir raadslid by sulke verkiesing as stemopnemer mag optree nie. In die geval van 'n stemopnemer deur die Administrateur benoem, sal die Administrateur die fooi bepaal wat deur die Raad aan sulke amptenaar sal betaal word.

Stem-
opnemer.

Ord. No. 4
van 1927.

Sittingstyd
van
raadslede
verkie by
jaarlikse
verkiesings.

25. (1) Die raadslede verkies by iedere jaarlikse verkiesing ter aanvulling van vakatures ontstaan deur die aftreding van raadslede weens afloop van die ampstydperk waarvoor sulke laasgenoemde raadslede verkies was sal hulle amp bly beklee tot die dag van die eersvolgende derde jaarlikse verkiesing en die raadslid verkies ter aanvulling van 'n toevallige vakature wat moet aangevul word kragtens artikel *sewen-en-twintig* van hierdie Ordonnansie. hetsy dat sulke verkiesing sal plaas het by die jaarlikse verkiesing of nie, sal sitting hê vir die owerige van die tyd waarvoor die raadslid wat afgetree is en wie hy sal opvolg anders sitting sou gehad hê.

(2) By enige jaarlikse verkiesing waarby raadslede moet verkies word ter aanvulling van toevallige vakatures, sal die vakatures ontstaan deur die aftreding van raadslede weens afloop van die tydperk waarvoor hulle verkies was, geag word aangevul te wees deur die kandidate wat by die verkiesing die grootste aantal stemme verkry. Die andere verkiesde kandidate sal geag word toevallige vakatures aan te vul na volgorde van die aantal stemme op elk uitgebring, so dat die kandidaat, wat van sulke andere verkiesde kandidate, die grootste aantal stemme verkry het geag sal word die raadslid op te volg wat, indien hy nie was afgetree nie, die langste sitting sou gehad hê. In geval die saak nie op die voorsegde wyse kan beslis word nie weens gelykheid van die aantal stemme van twee of meer kandidate, of omdat daar geen stemming het plaas gehad nie, sal die saak deur loting deur die stemopnemer beslis word.

(3) Vir die doeleindes van artikels *drie-en-twintig*, *vier-en-twintig*, en *vyf-en-twintig* sal die datum vanaf welke raadslede sitting hê die dag wees bepaal as die stembdag, en indien vir 'n sekere vakature geen stemming plaas het nie dan sal die nominasiedag die datum van verkiesing wees.

Vakature.

26. Wanneer 'n vakature ontstaan is deurdat 'n raadslid aftree of sy setel op andere wyse vakant word sal die kiesers in die wyk deur sulk raadslid verteenwoordig, die raadslid verkies om die setel aldus vakant geword, in te neem.

Toevallige
vakatures.

27. (1) Behalwe soas bepaal in paragrafe (a) en (c) van artikel *twee-en-dertig* hiervan, sal 'n toevallige vakature beskou word enige vakature te wees behalwe 'n vakature ontstaan deur aftreding van 'n raadslid by afloop van die sittingstyd waarvoor hy verkies was, mits dat waar enig raadslid sy setel sal opgegee hê voor afloop van sy ampstydperk en sulke vakature word nie

22. Indien te eniger tyd die aantal wyke sou vermeerder word kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie, dan sal by sulke vermeerdering die aantal raadslede vermeerder word met drie vir elke wyk waarmee die aantal wyke vermeerder is, en die verkiesing van raadslede vir die nuwe wyke sal sodra moontlik na sulke wyke ingestel is plaas hê en op 'n datum deur die Administrateur bepaal te word deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* op die wyse hierna bepaal vir die verkiesing van raadslede by 'n jaarlikse verkiesing.

Bepaling vir verkiesing van raadslede ter verteenwoordiging van "nuwe" wyke.

Ord. No. 4 van 1927.

23. Die eerste verkiesing van raadslede van enige munisipaliteit waarop die bepalings van hierdie Ordonnansie hierna toepaslik mag word sal plaas het op die hierna voorgeskrewe wyse op sulke datum as deur die Administrateur mag bekend gemaak word deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* en vir elke wyk sal drie raadslede verkies word. Een van sulke raadslede (diegene wat die hoogste aantal stemme verkry het) sal bly sitting hou tot die dag van die derde jaarlikse verkiesing gehou kragtens die bepalings van artikel *vier-en-twintig* en nie langer nie, en een van sulke raadslede (diegene wat op een na die hoogste aantal stemme verkry het) sal bly sitting hou tot die dag van die tweede van sulke jaarlikse verkiesing en nie langer nie, en die oorblywende raadslid (diegene wat die kleinste aantal stemme verkry het) sal bly sitting hou tot die dag van die eerste van sulke jaarlikse verkiesing en nie langer nie; en in geval dat daar twee of meer kandidate is wat by die genoemde stemming 'n gelyk aantal stemme verkry het, of in geval daar geen stemming is nie, sal die stemopnemer deur lot beslis wie van die kandidate verkies sal wees vir 'n tydperk wat afdop op die dag respektiewelik van die eerste, tweede en derde van die genoemde jaarlikse verkiesings.

Eerste verkiesing van raadslede.

24. Na die eerste voorsegde verkiesing van raadslede en in die geval van stadsrade tans verkies kragtens die Munisipale Verkiesings Ordonnansie, 1912, en amendemente daarop, sal daar 'n jaarlikse verkiesing van raadslede wees wat sal plaas hê op die laaste Woensdag in die maand Oktober van elk en ieder jaar vir die doel raadslede te verkies ter vervanging van 'n gelyk aantal raadslede wat uit hulle amp tree weens afdop van hulle ampstydperk en teweens vir die doel sulke toevallige vakatureaan te vul as mag nodig wees aangevul te word kragtens die bepalings van artikel *sewen-en-twintig* van hierdie Ordonnansie.

Jaarlikse verkiesing van raadslede.

Ord. No. 4
van 1927.

(ii) niemand sal ingeskrewe word kragtens hierdie artikel nie as 'n kieser vir enige wyk op 'n applikasie gemaak na die een-en-dertigste dag van Augustus en voor die datum van die jaarlikse verkiesing in enig jaar of in die geval van tussenverkiesings na die publikasie van 'n kennisgewing van enige tussenverkiesing in sulke wyk kragtens artikel *dertig* van hierdie Ordonnansie totdat sulke tussenverkiesing sal gehou wees ;

(iii) die nie-inskrywing van enig kieser op 'n applikasie gemaak kragtens hierdie artikel sal enige verkiesing gehou na die datum van sulke applikasie nie ongeldig maak nie.

(2) Indien enig persoon wat kragtens hierdie bepaling applikasie maak as 'n kieser geregistreer is in enige andere munisipaliteit, sal die stadsklerk, by inskrywing van die naam van sulke persoon as 'n kieser, die stadsklerk van sulke andere munisipaliteit kennis gee, en laasgenoemde sal daarop die naam van sulke kieser op die kieserslys van dié munisipaliteit skrap. Die uitdrukking "municipaliteit" soas gebruik in hierdie subseksie sal insluit 'n munisipaliteit onder 'n dorpsraad.

(3) Aan enig persoon wat applikasie maak om op die kieserslys geplaas te word wie se applikasie verwerp is in terme van hierdie Ordonnansie, sal terstond van sulke verwerping kennis gegee word.

(4) Enig persoon wat opsetlik enige valse verklaring maak op die vorm voorgeskrewe in die skedule genoem in subseksie (1) hiervan, sal skuldig wees aan 'n oortreding, en by veroordeling blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyftien ponde (£15) of by wanbetaling aan gevangenisstraf, met of sonder harde arbeid, vir 'n tydperk van hoogstens een maand.

Kieserslys
ter insage
lê.

20. Iedere kieserslys opgemaak of gewysig kragtens die bepalings van hierdie Hoofstuk sal gedurende kantoorure vir die publiek ter insage lê op die munisipale kantoor.

HOOFSTUK V.

VERKIESING VAN STADSRAADSLEDE.

Verkiesing
van
raadslede.

21. (1) Die Raad sal bestaan uit drie raadslede vir elke wyk, verkies op die hierna voorgeskrewe wyse.

(2) Ieder raadslid wat sitting het by aanvang van hierdie Ordonnansie kan voortgaan sitting te hê tot afloop van die tydperk waarvoor hy verkies was.

17. Die magistraat of een of ander advokaat van die Hooggeregshof deur die Administrateur benoem te word, sal alle vorderings en objeksies hoor en beslis, en mag die name van enige kiesers wat wegelaat is van die kieserslys op die lys plaas, en die name van alle persone wat nie geregtig is nie op die lys ingeskrewe te word skrap; mits dat die naam van geen persoon sal geskrap word nie totdat sulk persoon twee volle dae kennis ontvang het van die ondersoek na sy kwalifikasie, en sal daarom trent gehoor word indien hy sulks wens, hetsy persoonlik of deur 'n advokaat, prokureur of behoorlik toegelate wetsagent. Die verhoor en beslissing van sulke vorderings en objeksies mag van tyd tot tyd verdaag word en teen die beslissing op enige sulke vordering of objeksie mag per mosie appèl aangeteken word by die Hooggeregshof of enige regter daarvan, indien daarvan kennis gegee word deur enige belanghebbende persoon binne twee volle dae na die verklaring van sulke beslissing. Die hof of regter wat sulke applikasie verhoor mag die genoemde beslissing handhaaf of van die hand sit, en mag sulke order uitvaardig aangaande koste as wat sulke hof of regter mag billik ag. Die besoldiging van die advokaat deur die Administrateur benoem as voorsê sal deur die Administrateur vasgestel en belas word op die fondse van die munisipaliteit.

Benoeming van hof te beslis oor objeksies.

Ord. No. 4 van 1927.

18. Onderwerp aan die bepalings van die eersvolgende artikel, sal die lys, wanneer aldus vasgestel en gewysig, die kieserslys vir die munisipaliteit wees totdat die volgende lys op die selfde wyse sal opgemaak wees, en sulke lys sal aangemerkt en aangeneem word as konklusief te wees en die enigste bewys van die reg van ieder persoon daarop ingeskrewe om te stem vir die verkiesing van raadslede.

Lys van krag te wees totdat 'n nuwe opgemaak is.

19. (1) Enig persoon wat nie op die kieserslys vir die tyd van krag in 'n munisipaliteit voorkom nie, kan te eniger tyd aansoek doen by die stads-klerk daarvan, in die vorm voorgeskrewe in die derde skedule hiervan, om as 'n kieser ingeskrewe te word, en die Raad sal, na oortuig te wees dat sulk persoon gekwalifiseer is kragtens hierdie Ordonnansie, of enig amendement daarop, aldus ingeskrewe te word, die naam van sulk persoon op die kieserslys laat plaas; mits steeds dat—

Bepalings vir toevoeging van name op kieserslys.

(i) indien die Raad die gesegde applikasie sal weier, sulke beslissing van die Raad onderwerp sal wees aan appèl as of dit 'n beslissing was van die magistraat of advokaat gegee kragtens artikel *sewentien* van hierdie Ordonnansie;

Ord. No. 4
van 1927.

nie in die munisipaliteit woonagtig is nie, geregistreer word in die wyk waarin die genoemde eiendom geleë is en sal stem op die stemkantoor voorsien vir die stemdistrik waarin hy as 'n kieser geregistreer is.

(c) Al die verklarings genoem in paragraaf (a) hiervan sal afgeneem word deur die presiderende amptenaar van die stemkantoor waarop sulke persoon wees te stem en sal deur sulke amptenaar gehou en aan die stemopnemer gestuur word en sal op alle redelike tyde vir die publiek ter insage lê vir 'n tydperk van drie maande na die verkiesing.

(d) Enig persoon wat opsetlik 'n valse verklaring maak in sulke deklarasie sal skuldig wees aan 'n oortreding en by veroordeling blootstaan aan 'n boete van hoogstens £25 (vyf-en-twintig ponde) of by wanbetaling aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

(6) Enig persoon wat geregistreer is as 'n kieser vir enige wyk mag na enige jaarlikse verkiesing en nie later as die een-en-dertigste dag van Augustus daarna nie by die stadsklerk applikasie maak vir oorbring van sy naam as 'n kieser van sulke wyk na 'n andere wyk in die munisipaliteit, en die stadsklerk sal, op ontvangs van sulke applikasie die naam van sulke persoon dienoooreenkomstig oorbring, mits dat hy oortuig is dat sulke persoon in sulke andere wyk woonagtig is en mits, verder, dat sulke oorbringing sulke persoon geen reg sal gee nie by enige verkiesing te stem ter aanvulling van 'n toevallige vakature wanneer sulke verkiesing plaas het binne twee maande van sy applikasie vir sulke oorbringing.

(7) Die kieserslys van krag in 'n munisipaliteit by die van kragwording van hierdie Ordonnansie sal onderwerp aan die bepaling van artikel *negen-tien* hiervan, die kieserslys van sulke munisipaliteit wees totdat 'n nuwe lys opgemaak, gewysig en aangeneem is in terme van hierdie Ordonnansie.

Kennis-
gewings van
besware
teen lys.

16. Die stadsklerk sal iedere lys opgemaak kragtens die bepaling van subseksie (1) (a) van artikel *vyftien* hiervan op die munisipale kantore op die hoofposkantore en op die magistratskantoor ter insae lê vir die publiek, en sal in een of meer plaaslike nuusblade wat in die munisipaliteit sirkuleer 'n kennisgewing publiseer dat alle objeksies en vorderings om ingeskrewe te word gehoor en beslis sal word op een of andere tyd en plek daarin genoem te word; sulke tyd sal nie korter wees as veertien dae na die eerste publikasie van die gesegde kennisgewing nie.

register van kiesers vir elk stembedstrik saamstel, bestaande uit die kiesers van die wyk woonagtig in sulk stembedstrik.

Ord. No. 4
van 1927.

Art. 15.

(3) Die Administrateur kan—

(a) gelas dat alle sulke stappe geneem word met betrekking tot die opmaking van die eerste kieserslys vir enige munisipaliteit waarop die bepalings van hierdie Ordonnansie hierna kan toepaslik word as hy mag nodig ag om in die omstandighede van die geval te voorsien; mits dat enige onkoste gemaak tengevolge van enige order deur die Administrateur hieronder gemaak deur die Raad van die betrokke munisipaliteit sal gedra word. Die bepalings van artiekels *sestien*, *sewentien* en *agtien* van hierdie Ordonnansie sal *mutatis mutandis* toepaslik wees op die opmaking van sulke eerste kieserslys;

(b) die maande April en Mei van enig volgend jaar vasstel binne 'n tydperk van drie jare van die datum van voltooiing van sulke eerste kieserslys as die maande waarin die Raad die volgende kieserslys sal opmaak, in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Ordonnansie.

(4) Die stadsklerk sal, in die loop van die maande Januarie, April en Julie van elk en ieder jaar (nie synde die jaar waarin die driejaarlikse kieserslys opgemaak word nie) 'n kennisgewing publiseer eenmaal per week vir drie agtereenvolgende weke in minstens een nuusblad wat in die munisipaliteit sirkuleer, waarby die aandag gevestig word op die bepalings van artikel *negentien* van hierdie Ordonnansie, en kennis gewende dat hy applikasie in ontvangs sal neem van persone vir inskrywing as kiesers op die kieserslys.

(5) (a) Behalwe soas bepaal in paragraaf (b) hiervan, sal ieder kieser geregistreer word in die wyk waarin hy woon, en sal stem op een van die stemkantore vir sulke wyk bepaal; mits dat waar 'n verdeling gemaak is in stembedstrikte ieder kieser sal geregistreer word in die stembedstrik waarin hy woon, en sal stem op die stemkantoor vir sulk stembedstrik, dog sal toegestaan word te stem op enig ander stemkantoor in die wyk waarin hy geregistreer is ander as die stemkantoor van die stembedstrik waarin hy geregistreer is, indien hy voordat hy stem 'n verklaring sal geteken hê in die vorm voorgeskrewe in die tweede bylae tot hierdie Ordonnansie;

(b) Onderwerp aan die bepalings van paragraaf (b) van artikel *ag* hiervan, sal ieder persoon wat die geregistreerde eienaar is van belasbaar eiendom wat

Ord. No. 4
van 1927.

Bevoegdheid van Administrateur te gelas dat stappe geneem word in sake waarin nie voorsien is nie.

(3) Die Administrateur kan 'n kommissie benoem van een of meer persone om 'n plan op te maak vir vasstelling van die grense van sulke distrikte, en 'n kennisgewing van die sitting van sulke kommissie sal gepubliseer word in die *Prowinsiale Koerant* en in minstens een nuusblad wat in die munisipaliteit sirkuleer.

14. Indien in verband met die verdeling van enige munisipaliteit in wyke of die verdeling van wyke in stemdistrikte of die verandering van die grense van die wyke of stemdistrikte van enige munisipaliteit, of die vermeerdering in die aantal van hulle of die toewysing van raadslede onder wyke sig enige saak sal voordoen waarin deur hierdie Ordonnansie nie voldoende voorsien word nie, dan kan die Administrateur gelas dat alle sulke stappe sal geneem word met betrekking tot die verkiesing van raadslede of andersins as wat mag nodig wees om aan die omstandighede van die geval tegemoet te kom, en kan die tydperk bepaal waarvoor enig raadslid vir enige wyk verkies te word sal sitting hê, opdat die algemene strekking en doel van die Ordonnansie van krag sal wees.

HOOFSTUK IV.

OPMAAK VAN KIESERSLYS DEUR STADSGRADE.

Bepalings vir opmaak van kieserslys en van tyd tot tyd verander van sulke lys.

15. (1) (a) Die Raad sal in die loop van die maande April en Mei 1928, en daarna eenmaal iedere drie jare in die genoemde maande April en Mei 'n lys laat opmaak van alle persone wat bevoeg is ingeskrewe te word op die kieserslys kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie; die genoemde lys sal verdeel word in soveel dele as daar wyke is in die genoemde munisipaliteit, en elk deel sal in alfabetiese orde die volle naam, woonadres en beroep van ieder kieser bevoeg tot stemming binne die wyk waarop sulke deel betrekking het, aandui.

(b) Wanneer die aantal wyke van 'n munisipaliteit vermeerder, verminder of die grense verander of andersins vereffen is, sal die Raad sodra moontlik na sulke vermeerdering, vermindering, verandering of andere vereffening sulke veranderinge op die kieserslys laat aanbring as wat mag nodig wees in elk deel daarvan (wat die onderskeie wyke van die munisipaliteit uitmaak) die besonderhede van kiesers woonagtig in elke wyk aan te toon.

(2) Wanneer enige wyk verdeel is in stemdistrikte, of dat enige vermeerdering, vermindering, verandering of vereffening van sulke distrikte gemaak is kragtens die bepalinge van artikel *dertien* hiervan, sal die Raad van die kieserslys van sulke wyk 'n

Ord. No. 4
van 1927.

(geen nuwe wyke synde nie) ooreenkomstig die bepalings van subseksie (3) of subseksie (5) hiervan na gelang die geval dit sal vereis; mits steeds dat die tydperk waarvoor enig raadslid sitting het nie van invloed sal wees deur sulke toewysing nie.

(7) By die eerste verkiesing van raadslede vir enige wyk wat is of verklaar is 'n nuwe wyk te wees, sal vir sulke wyk drie raadslede verkies word. Een van sulke raadslede (diegene wat die meeste stemme verkry het) sal sitting bly hou tot die dag van die eersvolgende van die derde jaarlikse verkiesing en nie langer nie en een van sulke raadslede (diegene wat op een na die meeste stemme verkry het) sal sitting bly hou tot die dag van die eersvolgende van die tweede jaarlikse verkiesing en nie langer nie en die owerige raadslid (diegene wat die laagste getal stemme verkry het) sal sitting bly hou tot die dag van die eersvolgende eerste jaarlikse verkiesing en nie langer nie; en in geval dat daar twee of meer kandidate is wat by die genoemde stemming 'n gelyk aantal stemme verkry het, of in geval dat daar geen stemming is nie, sal die stemopnemer deur lot beslis wie van die kandidate verkies sal wees vir 'n tydperk wat eindig respektiewelik op die dag van die eerste, tweede of derde van sulke jaarlikse verkiesings. Vir die doel van hierdie subseksie sal die laaste Woensdag in Oktober die dag van die jaarlikse verkiesing wees.

(8) Van iedere verdeling van 'n munisipaliteit in wyke, en van iedere verandering of vereffening van die grense van sulke wyke, en van iedere vermeerdering in die aantal wyke kragtens die bevoegdhede van hierdie artikel, sal deur proklamasie van die Administrateur in die *Prowinsiale Koerant* kennis gegee word.

(9) Iedere munisipaliteit in wyke verdeel kragtens enige wet deur hierdie Ordonnansie herroep, sal aldus verdeel bly en die teenwoordige grense van wyke en van stembedistrikte (indien enige) van sulke munisipaliteit sal bly bestaan totdat enige verandering kragtens hierdie Ordonnansie sal gemaak wees.

13. (1) Die Administrateur kan op die applikasie van 'n raad enige wyk in so veel stembedistrikte verdeel as hy mag nodig ag, en kan op dieselfde wyse van tyd tot tyd die aantal van sulke distrikte vermeerder of verminder, of die grense daarvan verander of vereffen.

Stem-
distrikte.

(2) Van iedere verdeling van 'n wyk in stembedistrikte en iedere verandering of vereffening van die grense van sulke distrikte sal deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* kennis gegee word.

Ord. No. 4
van 1927.

Art. 12.

amp beklee sitting hê vir die wyk aan hom toegewys gedurende die res van die tydperk waarvoor hy verkies was.

(4) 'n Raad kan op deselfde wyse die Administrateur versoek die aantal wyke van 'n munisipaliteit te verminder; mits dat enige vermindering deur die Administrateur goedgekeur alleen van krag sal wees vir die eersvolgende jaarlikse verkiesing; en mits verder dat die aantal wyke van 'n munisipaliteit nie so sal verminder word nie dat dit van invloed is op die ampstydperk waarvoor enig raadslid sal verkies wees. Met enige sulke petiesie sal die Raad aan die Administrateur sy voorstelle oorlê vir—

(a) die verdeling onder die veranderde wyke van sulke raadslede as wat nie aftree op die datum van sulke jaarlikse verkiesing nie; en

(b) die vasstelling van die wyke waarvoor die gesegde jaarlikse verkiesing sal gehou word.

Iedere sulke petiesie kan deur die Administrateur met of sonder veranderings goedgekeur word, en ieder raadslid wat sitting het op die datum van die hiertevore bedoelde verkiesing sal sitting hê vir die wyk aan hom toegewys vir die res van die tydperk waarvoor hy verkies was.

(5) Nieteenstaande iets in hierdie artikel vervat, kan die Administrateur wanneer hy die bevoegdhedes sal uitoefen hom deur enige wet toegeken die grense van 'n munisipaliteit te verander of die grense van aangrensende munisipaliteite te vereffen, as gevolg van sulke verandering of vereffening die aantal wyke vermeerder of verminder of die grense daarvan verander en vereffen, en mag onderwerp aan die bepalings van subseksie (6) hiervan die raadslede aanwys wat enige wyke aldus verander of vereffen verteenwoordig onder sulke wyke; mits dat tensy die Administrateur anders sal beslis geen sulke vermeerdering, vermindering, verandering of vereffening van wyke of aanwysing van raadslede sal plaas hê nie behalwe volgens 'n plan gemaak en gepubliseer soas bepaal in subseksies (1) en (2) hiervan.

(6) Indien die aantal wyke waarin die munisipaliteit verdeel is vermeerder word, en indien deur sulke vermeerdering die grense van die wyke verander word, dan kan by elke sulke vermeerdering en verandering die Administrateur deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* verklaar welke wyke sal geag word nuwe wyke te wees in die sin van artikel *twee-en-twintig* en die raadslede wat ten tyde van sulke vermeerdering en verandering sitting hê sal toegewys word onder die veranderde wyke

HOOFSTUK III.

Ord. No. 4
van 1927.

WYKE EN KIESDISTRIKTE.

12. (1) (a) Iedere munisipaliteit sal verdeel word in wyke, en wanneer dit sal nodig word 'n munisipaliteit in wyke te verdeel wat nie reeds so verdeel is nie, sal die Administrateur 'n kommissie benoem van een of meer persone, om 'n plan op te maak vir vasstelling van die grense van sulke wyke, en kennisgewing van die sitting van sulke kommissie sal in die *Prowinsiale Koerant* en in minstens een nuusblad wat in sulke munisipaliteit sirkuleer gepubliseer word.

Verdeling
van
Munisipaliteit
in wyke.

(b) Die grense van die wyke van 'n munisipaliteit sal op sulke wyse vasgestel word dat die aantal kiesers in elke wyk soveel moontlik gelyk sal wees, dog dat die aantal kiesers in geval van enige sulke wyk nie meer sal wees nie as 15 persent bo of meer as 15 persent benede die gemiddelde aantal kiesers wat juiste gelykheid uitmaak, alle breuke sal nie meegetel word nie. Die bepalings van hierdie paragraaf sal toepaslik wees op iedere latere verandering of vereffening kragtens hierdie artikel.

(2) Ieder sulk plan sal gepubliseer word in die *Prowinsiale Koerant* en in minstens een nuusblad wat in die munisipaliteit sirkuleer eenmaal per week gedurende drie agtereenvolgende weke, en sal wanneer deur die Administrateur met of sonder verandering goedgekeur, in werking tree vanaf 'n datum per proklamasie kragtens hierdie artikel bekend gemaak te word.

(3) Wanneer 'n munisipaliteit in wyke verdeel is, kan die aantal van sulke wyke vermeerder of die grense van bestaande wyke kan van tyd tot tyd verander word op petisie aangebied aan die Administrateur na 'n besluit van die Raad van sulke munisipaliteit aangeneem op 'n spesiale vergadering vir die doel belê, en wanneer die Raad sal versoek om enige sulke vermeerdering of verandering van wyke sal hy met sy petisie aan die Administrateur voorstelle voorlê vir enige verdeling van die bestaande raadslede noodsaaklik geword deur sulke vermeerdering of verandering. Iedere sulke petisie vir 'n vermeerdering of verandering van wyke met enige voorstelle vir verdeling van raadslede kan deur die Administrateur met of sonder veranderings goedgekeur word, en sal, met inagnome van die bepalings van subseksie (6) hiervan in werking tree wanneer aldus goedgekeur vanaf 'n datum bekend gemaak te word by proklamasie kragtens hierdie artikel, en vanaf sulke datum sal ieder raedslid wat dan sy

**Ord. No. 4
van 1927.**

niemand op een en teselfder tyd sal ingeskrewe word op die kieserslys in meer as een wyk of in meer as een munisipaliteit.

(b) Ieder persoon wat in alle opsigte gekwalifiseer is soas voorsê, behalwe die van woonplek, wat die geregistreerde eienaar is van belasbaar eiendom binne die munisipaliteit en wat nie in besit is van die genoemde eiendom nie met een of meer persone in onverdeelde aandele en wat nie gediskwalifiseer is kragtens artikel *tien* of artikel *elf* hiervan sal op aanvraag geregtig wees ingeskrewe te word op die kieserslys van die wyk waarin die genoemde eiendom gelege is, mits dat inlien sulk persoon die geregistreerde eienaar is van belasbaar eiendom in meer as een van die wyke van die munisipaliteit hy die reg sal hê die wyk te kies waarin hy sal stem, en mits verder dat indien hy sou weier of versuim sulke keuse te maak, sal hy as 'n kieser geregistreer word in die van die genoemde wyke as die persoon wat die kieserslys opmaak sal besluit, en indien enige wyk waarin hy as kieser geregistreer is verdeel is in stembedistrikte sal sy naam geregistreer word as 'n kieser in die stembedistrikt waartoe besluit is deur die persoon wat die kieserslys opmaak.

Wie mag stem.

9. Niemand wie se naam nie voorkom op die kieserslys vir die oomblik van krag nie sal geregtig wees te stem by enige verkiesing kragtens hierdie Ordonnansie.

Diskwalifikasie.

10. Geen persoon van swakke geesvermoëns as sulks verklaar deur 'n bevoegde hof sal tydens hy van swakke geesvermoëns is in aanmerking kom om as 'n kieser geregistreer te word of sy stem uit te bring by enige verkiesing kragtens hierdie Ordonnansie.

Verdere diskwalifikasies.

11. Die volgende persone sal nie bevoeg wees ingeskrewe te word op die kieserslys vir die munisipaliteit nog te stem by enige verkiesing gehou kragtens hierdie Ordonnansie nie :—

(1) Persone te enigertyd veroordeel weens moord, of tot verloop van drie jare vanaf die datum van die afloop van die vonnis vir enige misdad waarvoor die straf gevangenisstraf met harde arbeid sonder die opsie van 'n boete is, tensy kwyt-skelding verleen is ;

(2) blanke persone wat saamhuis met naturelle of kleurlingpersone.

uit sy amp tree, en die burgemeester of die voorsitter van die dorpsraad na gelang van omstandighede sal op die eersvolgende vergadering van die Raad van enige sulke vakature wat ontstaan is kennis gee; en in geval dat enig persoon tot raadslid verkies sal sterwe of gediskwalifiseer word kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie, of ophou gekwalifiseer te wees as 'n raadslid, of sal bedank, of sal weier die amp van raadslid te aanvaar, of in geval enige vakature ontstaan kragtens Hoofstuk IV van die Plaaslik Bestuur Ordonnansie of op welke andere wyse ook, dan sal sulke vakature onmiddellik aangevul word op die wyse deur hierdie Ordonnansie voorgeskrewe, dog nietemin onderwerp aan die hierna gemaakte bepalings omtrent vakatures wat ontstaan binne drie maande vanaf die jaarlikse verkiesing bedoel in artikel *vier-en-twintig* of in artikel *eenhonderd ses-en-dertig*; mits steeds dat 'n raadslid wie se setel vakant sal verklaar wees deur die burgemeester of die voorsitter na gelang van omstandighede sig by mosie kan wend tot die Hooggereshof, Transvaal Prowinsiale Afdeling, en indien sulke hof dan nie in sessie is nie dan tot 'n regter van die Hooggereshof om sulke verklaring tersyde te sit; kennisgewing van die voorneme sulke applikasie te maak en die gronde daarvoor sal aan die stads-klerk gedoen word binne twee dae na sulke verklaring, en die applikasie sal binne veertien dae daarna gemaak word. Enig raadslid wat gediskwalifiseer verklaar is kragtens die bepalings van artikel *een-en-dertig* van die Plaaslik Bestuur Ordonnansie om as raadslid aan te bly sal dieselfde reg van appèl hê as hiertevore bepaal.

Ord. No. 4
van 1927.

HOOFTUK II.

KIESERS IN MUNISIPALITEITE ONDER STADS- EN DORPSRADE.

8. (a) Ieder blank persoon, manlik of vroulik, wat 'n Brits onderdaan is, ter leeftyd van een-en-twintig jare en daarbo, wat binne die munisipaliteit woonagtig sal gewees hê vir 'n tydperk van ses maande onmiddellik voorafgaande aan die publikasie van die kennisgewing genoem in artikel *sestien* of in subseksie (5) van artikel *eenhonderd dri-een-twintig* na gelang van omstandighede of sy applikasie om geregistreer te word op die kieserslys in terme van artikel *negentien* van hierdie Ordonnansie sal, onderwerp aan die hierna genoemde diskwalifikasie geregtig wees ingeskrewe te word op die kieserslys vir die munisipaliteit, mits dat

Kwalifikasie
van kiesers.

Ord. No. 4
van 1927.

(4) Die bepalings van Hoofstukke III tot en met X is en word hierby *mutatis mutandis* toepaslik gemaak op die verkiesings van lede van die Innesdale Dorpsraad in plaas van die bepalings van Hoofstuk XI.

(5) Die bepalings van Hoofstuk XI sal alleen toepaslik wees op die verkiesings van lede van dorpsrade andere as die Innesdale Dorpsraad en enige andere dorpsraad op die verkiesing van lede waarvan die bepalings van Hoofstukke III tot en met X in terme van subseksie (3) toepaslik gemaak is, mits dat die Administrateur van tyd tot tyd per proklamasie in die *Provinsiale Koerant* enige of alle van die bepalings *mutatis mutandis* van artikels *vier-en-sestig* tot en met *drie-en-sewentig* mag toepas op die verkiesings van lede van enige dorpsraad behalwe die bepalings van Hoofstuk XI.

HOOFSTUK I.

STADS- EN DORPSRADE.

Kwalifikasies.
van raadslede

4. Enig persoon, manlik of vroulik, bevoeg om geregistreer te word as 'n kieser by verkiesings van raadslede kragtens hierdie Ordonnansie sal bevoeg wees om as 'n raadslid verkies te word.

Diskwalifikasie.

5. Niemand wie se boedel in likwidasie is of onder oorgawe ten behoewe van sy skuldeisers, niemand wie se boedel gesekwestreer is as insolvent en wat nie gerehabiliteer is nie, niemand van swakke geesvermoëns as sulks verklaar deur 'n bevoegde hof, en niemand wat deur hierdie Ordonnansie gediskwalifiseer is sal in staat wees verkies te word, of indien verkies, as raadslid aan te bly.

Verdere
diskwalifikasie.

6. Niemand wat 'n betrekking of plaas beklee wat geldelik voordeel oplewer of waarvan die benoeming by die Raad berus, nog die eggenote van sulk persoon sal in staat wees verkies te word of as raadslid aan te bly; mits dat die bepalings van hierdie artikel nie toepaslik sal wees op 'n geneeskundige nie wat tewens 'n raadslid is en wat versoek word vir die Raad op te tree deur 'n meerderheid van twee-derdes van die Raad en met die toestemming van die Administrateur, nog die eggenote van enig sulk geneeskundige.

Omstandighede
waaronder
raadslid sy
amp opgee.

7. Enig raadslid wat sal ophou die kwalifikasies te besit deur hierdie Ordonnansie vereis of wat 'n besoldigde agent is vir 'n kandidaat by enige munisipale verkiesing kragtens hierdie Ordonnansie gedurende sy ampstydperk, of wat kragtens hierdie Ordonnansie gediskwalifiseer sal word, sal *ipso facto*

- “hy,” “hom,” “sy” en “homself” insluit die voornaamwoorde “sy,” “haar,” “haar” en “haarsel,” respektiewelik.
- “Plaaslik Bestuur Ordonnansie” beteken die Plaaslik Bestuur Ordonnansie, 1926, en enige wysiging daarvan ;
- “magistraat” beteken die magistraat van ’n magistraatsdistrik of subdistrik waarin ’n munisipaliteit geleë is, en in die geval van ’n munisipaliteit geleë binne ’n gedeelte van ’n magistraatsdistrik waarvoor ’n addisionele magistraat aangestel is, sal die uitdrukking “magistraat” ook sulke addisionele magistraat insluit ;
- munisipaliteit” beteken die gebied of distrik onder die bestuur en jurisdiksie van ’n stadsraad of van ’n dorpsraad wie s’n lede verkies word kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie ;
- “belasbaar eiendom” beteken enig eiendom belasbaar kragtens die bepalings van die Plaaslik Bestuur Belasting Ordonnansie, 1912, en enige wysigings daarvan ;
- “stadsklerk” beteken die persoon wat asdan wettiglik optree in die hoedanigheid van stadsklerk van enige munisipaliteit ;
- “stadsraad” beteken ’n Raad ingestel onder en kragtens die bepalings van Hoofstuk I van die Plaaslik Bestuur Ordonnansie ;
- “dorpsraad” beteken ’n Raad ingestel onder en kragtens die bepalings van Hoofstuk VIII van die Plaaslik Bestuur Ordonnansie.

3. (1) Hierdie Ordonnansie sal op die wyse en vir so ver as hierin voorgeskrewe toepaslik wees op die verkiesing van die lede van die Rade van munisipaliteite ingestel as stads- en dorpsrade kragtens die Plaaslik Bestuur Ordonnansie, en op die verkiesing van enige Raad hierna ingestel as ’n stads of dorpsraad kragtens die bepalings van die Ordonnansie.

Toepassing
van
Ordonnansie.

(2) Die bepalings van Hoofstukke I, II en XII sal toepaslik wees op die verkiesings van lede van stads- en dorpsrade.

(3) Die bepalings van Hoofstukke III tot en met X sal toepaslik wees op die verkiesings van lede van stadsrade alleen mits dat die Administrateur van tyd tot tyd deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* op die verkiesings van lede van enige dorpsraad almal van die genoemde bepalings mag toepas, *mutatis mutandis* in plaas van die bepalings van Hoofstuk XI.

Ord. No. 3
van 1927.

hierdie Ordonnansie te betaal binne die voorgeskrewe tydperk, sal aan die bedrag betaalbaar by wyse van straf vir iedere maand of deel van 'n maand gedurende welke hy nalatig sal wees 'n som toegevoeg word bereken teen tien persent van die bedrag van die belasting, mits dat die bedrag van sulke straf hoogstens die bedrag van die belasting sal wees."

Wysiging van
artikel 14
van hoofwet.

2. Artikel *veertien* van die hoofwet sal wees en word hierby gewysig deur opname na die woord "opgelê" in die eerste reël van die woorde "en enige straf beloop."

Korte Tietel.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Maatskappye Belasting Wysigings Ordonnansie, 1927, en sal as een gelees word met die hoofwet en enige amendement daarop.

Ord. No. 4
van 1927.

'N ORDONNANSIE

Tot konsolidasie en wysiging van die Wet wat betrekking het op die Verkiesing van Lede van Munisipale Rade in die Provinsie Transvaal.

(Goedgekeur 14 Junie 1927.)

(Datum van inwerkingtree, 1 Januarie 1927.*)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

DIT WORD BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

INLEIDING.

Herroeping
van Wette.

1. Die wette genoem in die Eerste Skedule tot hierdie Ordonnansie is en word hierby herroep.

Verklaring
van
uitdrukkings.

2. In hierdie Ordonnansie sal, tensy in stryd met die samehang—

“Administrateur” beteken die amptenaar benoem kragtens subartikel (1) van artikel *ag-estig* van die Suidafrika Wet, 1909, of enige wysiging daarvan, handelende op die advies en met toestemming van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie;

“aanvang van hierdie Ordonnansie” beteken die datum waarop hierdie Ordonnansie in werking getree het;

“Raad” beteken die Raad van 'n munisipaliteit ingestel onder en kragtens die bepaling van die Plaaslik Bestuur Ordonnansie;

* Sien artikel 140.

Skedule.

Ord. No. 2
 van 1927.

No. van Pos.	Diens.	Kolom 1.	Kolom 2.
		£	£
3	Vir salarisse en onkoste ten behoeve van Hospitale en Liefdadigheidsinrigtings, met inbegrip van Armesorg Met inbegrip van die nagenoemde dienste:— Toelaag aan Schweizer Reneke Woning-hospitaal Toelaag aan Middelburg Hospitaal Toelaag aan Lydenburg Hospitaal Toelaag aan Rustenburg Hospitaal Toelaag aan Duivelskloof Hospitaal Toelaag aan Hope Herstellingstehuis vir Kinders Toelaag aan Pretoria Weldadigheids Vereniging Toelaag aan St. George's Tehuis vir Jongens, Johannesburg Toelaag aan Vroue Sending Bond	16,613	150 600 50 2,500 70 45 200 8 45
5	Vir salarisse en onkoste ten behoeve van Allerlei Dienste Met inbegrip van die nagenoemde diens:— Toelaag aan Kruger Nasionale Park	875	875
6	Vir onkoste ten behoeve van Rente en Aflossing	55,979	
7	Vir onkoste ten behoeve van Kapitaal-uitgawe Met inbegrip van die nagenoemde dienste:— Werkeloosheid Spesiale toelaag van Unie Regering vir Wegaanleg Aanleg van Hoofrifweg	23,230	7,081 12,214 3,935
		£96,697	

'N ORDONNANSIE.

Tot Wysiging van die Maatskappye Belasting Ordonnansie, 1923.

Ord. No. 3
 van 1927.

(Goedgekeur 8 Junie 1927.)

(Datum van inwerkingtree, 29 Junie 1927.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

1. Artikel *dertien* van die Maatskappye Belasting Wysiging van Ordonnansie 1923 (hierna die hoofwet genoem) sal wees en word hierby herroep en die volgende artikel van hoofwet. daarvoor in die plaas gestel:—

“13. Indien enige maatskappy versuim of nalaat enige belasting verskuldig kragtens

Ord. No. 2
van 1927.

'N ORDONNANSIE

**Tot aanwending van 'n verdere som geld van hoogstens
£96,697 vir die diens van die Provinsie Transvaal
vir die tydperk van die 1ste dag van April 1926 tot
die 31ste dag van Maart 1927.**

(Goedgekeur 22 Maart 1927.)

(Datum van inwerkingtree, 30 Maart 1927.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg :—

Prowinsiale
Inkomste-
fonds belas
met £96,697.

1. Die Prowinsiale Inkomstefonds van Transvaal word hierby belas vir die dienste van die genoemde Provinsie, vir die tydperk van die 1ste dag van April 1926 tot die 31ste dag van Maart 1927, albei dae inbegrepe, met 'n verdere som van hoogstens ses-en-negentig duisend seshonderd sewen-en-negentig pond bowe die somme waarin voorsien is deur die Toeëienings (1926-1927) Ordonnansie, 1926.

Hoe geld sal
aangewend
word.

2. Die geld deur hierdie Ordonnansie toegestaan sal aangewend word vir die doeleindes en vir die dienste wat genoem is in die skedule wat hierby gevoeg is, in ooreenstemming met die poste en subhoofde, besonderlik uiteengesit en genoem in die Begroting van Addisionele Toeëiening vir die genoemde tydperk, soas deur die Prowinsiale Raad goedgekeur.

Korte tiitel.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Addisionele Toeëienings (1926-1927) Ordonnansie, 1927.

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 1
van 1927.

Tot aanwending van 'n som van hoogstens £600,000 vir die dienste van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1928.

(Goedgekeur 22 Maart 1927.)

(Datum van inwerkingtree, 30 Maart 1927.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg :—

1. Op en na die eerste dag van April 1927 mag uit die Prowinsiale Inkomstefonds sulke somme geld verstrekk word, by mekaar geneem nie meer te bedraag dan die som van seshonderd duisend pond nie, soos van tyd tot tyd mag nodig wees vir die diens van die Provinsie, vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1928, tot sulke tyd as die Raad daarvoor voorsiening gemaak het in 'n Toeëienings-ordonnansie. £600,000 mag verstrekk word uit die Prowinsiale Inkomstefonds.
2. Alle somme wat uitgekeer word kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, sal aangemerkt word as voorskotte op rekening van toelae wat sal verleen word in 'n Toeëienings-ordonnansie vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1928, en dadelik by die aanvang van sulke Toeëienings-ordonnansie sal hierdie Ordonnansie ophou van krag te wees, en uitkerings wat hieronder al gemaak is sal geag uitkerings te wees gemaak kragtens die Toeëienings-ordonnansie en sal verantwoord word ooreenkomstig met die bepalinge daarvan; mits dat geen dienste waarop geen uitgawe was beloof nie gedurende die finansiële jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1927, of waarover geen wettige magtiging bestaan nie, sal geag word onder hierdie Ordonnansie gemagtig te wees. Uitkerings onder hierdie Ordonnansie aangemerkt te word as voorlopige voorskotte.
3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Toeëienings (Deel 1927-1928) Ordonnansie, 1927. Korte titel.

INHOUD.

(ALFABETIES.)

NOMMER VAN ORDONNANSIE.	TITEL.	BLADSY.
2	Addisionele Toeëienings (1926-27)	2
10	Algemene Handelaars (Kontrole) Wysigings	85
3	Maatskappye Belasting Wysigings	3
18	Motorvoertuie Verdere Wysigings	131
7	Motorvoertuie Wysigings	62
4	Munisipale Verkiesings	4
12	Nie-Gemagtigde Uitgawe (1925-26)	89
21	Onderwyswet Wysigings	137
9	Perdewedrenne en Weddenskappe	69
16	Plaaslike Bestuur Belastings Wysigings	115
20	Skutte Wysigings	136
13	Toeëienings (1927-28)	90
1	Toeëienings (Deel 1927-28)	1
14	Transvaal Hospitaal en Skoolraad Amptenare Pensioene	93
6	Transvaal Hospitaalverpleegsters Pensioene Wysigings	61
17	Transvaalse Onderwysers Pensioene Wysigings	123
5	Twede Toeëienings (Deel 1927-28)	60
19	Weëfonds	132
11	Weë Wysigings	88
15	Winkelure Verdere Wysigings	115
8	Winkelure Wysigings	67

GEDRUK DEUR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA.

9569—2/11/27—620.

MERENSKY BIBLIOTEK
UNIVERSITAT VAN PRETORIA

Klasnommer 345.1-024.....

Registernommer: 146,198.....

TRANSVAAL



ORDONNANSIES
VAN
DIE PROVINSIE TRANSVAAL
1927

GEPUBLISEER OP LAS

En gedruk onder toesig van die Staatsdrukker

PRETORIA
DIE STAATSDRUKKERY EN KANTOOR VAN SKRYFBEHOEFTE
1927